RENT A PC
on EASY TERMS
at
AUDIOVISION
STELLENBOSCH Shop 124, Eikestad Mall Tel: 886-6862

# Die Matie

ONAFHANKLIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH SEDERT 1941
INDEPENDENT STUDENT NEWSPAPER OF THE UNIVERSITY OF STELLENBOSCH SINCE 1941

RENT A PC
op MAKLIKE TERME
at
AUDIOVISION
STELLENBOSCH Winkel 124, Eikestad Mall Tel: 886-6862

GRATIS OP KAMPUS VERSPREI NO 9 WOENSDAG 12 MEI 1999

# The end is nigh

*There are only 233 days left before the so-called Y2K-bug strikes. On 1 January 2000 (01-01-00) many computers will revert to the year 1900, possibly with dire consequences.*



**Current Affairs**

Nostradamus *et al* predict the future **p14**
Wat is die J2K-probleem? **p15**
99 dinge om te doen voor 2000 **p14**



Raad herroep besluit oor koor: Amptelike status herstel

**Nuus p3**




Skommeling in viserektorsposte

**Nuus p2**

**Dag en Nag**

KKNK pryswenner

Grafwater

**p11**



*Matie***Sport**

Die Sauerliga tot dusver **p19**

Onderhoud met Elana Meyer **p19**

Fotofast
• 1 UUR FOTO • PROFESSIONELE SKYFIE-ONTWIKKELING
ID FOTO'S DADELIK BESKIKBAAR
EIKESTAD MALL, 43 ANDRINGA STR, TEL (021) 883 3435

# Reeks skuiwe in rektoraat gemaak

## Onmin in Senaat oor nuwe vise-rektor

*Deon Wiggett*

'N REEKS skuiwe in die rektoraat is dié naweek deur die Universiteitsraad goedgekeur.

Volgens die besluit skuif prof Walter Claassen vanaf vise-rektor (Akademies) na vise-rektor (Navorsing) en prof Rolf Stumpf van vise-rektor (Bedryf) na vise-rektor (Onderrig). Die pos van vise-rektor (Bedryf) sal eersdaags geadverteer word.

Die raad het reeds vroeër vanjaar besluit om die huidige pos van vise-rektor (Akademies) te skei in die poste viserektor (Onderrig) en vise-rektor (Navorsing).

Volgens mnr Hans-Peter Bakker, die universiteit se kommunikasiehoof, sal die nuwe aanstelling hopelik "nie-tradisioneel" wees. Die aanstelling is dus effektief 'n regstellende aksie-aanstelling.

Intussen het onmin in die Senaat ontstaan oor die postoedeling wat die rektor voorgestel het. *Die Matie* verneem van verskeie Senaatslede, wat op voorwaarde van anonimiteit die inligting verstrek het, dat daar hewige meningsverskil oor die rektor, prof Andreas van Wyk, se voorstel was.

Die Senaat het uiteindelik, op voorstel van Van Wyk, besluit om die voorstel "in beginsel" aan te neem. Dit is hierdie sentiment wat op Saterdag aan die raad oorgedra is, verneem *Die Matie*.

Dit kom nadat die raad Van Wyk opdrag gegee het om die voorstel oor die rektoraatskuiwe eers aan die Senaat voor te lê vir bespreking, volgens Bakker.

Volgens dié voorstel, waarvan *Die Matie* 'n kopie bekom het, sal Claassen as vise-rektor (Navorsing) verantwoordelikheid aanvaar vir die afdelings Navorsingsontwikkeling, Biblioteekdienste en Informasietegnologie. Die afdelings Akademiese Administrasie, Akademiese Steundienste, die Bestuursinligting en "die oorhoofse bestuur van die universiteit se onderrigfunksie," val luidens die voorstel onder Stumpf.

In 'n onderhoud met *Die Matie* het Stumpf eergister gesê hy sien uit na die uitdagings wat die nuwe pos sal bied. "Ek het Stellenbosch toe gekom omdat ek gemeen het dat Stellenbosch die beste universiteit in Suid-Afrika behoort te wees – dit is nie, maar dit kan wees," het Stumpf gesê. Hy is daarom bereid om in "enige hoedanigheid" mee te help om dié doel te bereik. "As ek dit kan doen as vise-rektor (Onderrig) sal ek graag die skuif maak."

Stumpf het gesê dat hy ten volle deel was van die besluitnemingsproses oor die skuiwe in die rektoraat.

Volgens Claassen is hy ook regdeur die proses geraadpleeg. "Die rektor het met verskeie belangegroepe daaroor gesprek gevoer," het hy gesê.

Claassen het gesê hy is ook "opgewonde" oor sy nuwe posisie.

Claassen het ontken dat sy verskuiwing na vise-rektor (Navorsing) verband hou met sy vermeende swak verhouding met die rektor. "Daar is nie sprake daarvan nie," het hy gesê. "Natuurlik het almal nie dieselfde standpunte nie, maar die hele idee van bestuur is tog om verskillende standpunte op die tafel te sit."

Bakker het vroeër vandeesweek aan *Die Matie* gesê die universiteit het besluit om die pos van vise-rektor (Akademies) te verdeel omdat die Strategiese Beplanningsraamwerk navorsing aan die universiteit as spesifieke fokus stel. 'n Vise-rektor wat spesifiek aan navorsing toegewy is, sal help in die vervulling van dié oogmerk, aldus Bakker.

Foto: Nic Norman-Smith



**Walter Claassen en Rolf Stumpf vroeër vanjaar by 'n Institusionele Forum Beraad.**

## Nuusflitse · *Newsflashes*

**US-KOOR TREE VANMIDDAG OP –** Die Universiteitskoor tree vanmiddag om 13:15 in die Endlersaal by die Konservatorium op. Gister se optrede was die koor, wat byna deur die Universiteitsraad ontbind is, se eerste optrede van die jaar.

Kaartjies kos R2 en is by die deur beskikbaar.

**AKADEMIESE KLAGTEPROSEDURE VIR LETTERE GOEDGEKEUR –** Die fakulteit Lettere en Wysbegeerte se akademiese klagteprosedure is deur die Senaat goedgekeur. Lettere is die eerste fakulteit wat so 'n prosedure het.

Die prosedure, wat opgestel is ná 'n inisiatief deur die Lettere en Wysbegeerte Studentekomitee, kan deur Letterestudente gebruik word in enige aangeleentheid wat betrekking het op die inhoud en aanbieding van kursusse, die leeromgewing en hulpmiddels, asook die evaluering van kursusse. Besonderhede is by die fakulteit beskikbaar.

**TREK NOU TANDE OOR SATELLIET –** Die fakulteit Tandheelkunde het pas die eerste lesings in sy nagraadse diploma in Kliniese Tandheelkunde aan 230 kursusgangers by twaalf studiesentrums landwyd per satelliet aangebied. Dit is die eerste keer in Suid-Afrika dat 'n kursus van so 'n aard deur afstandsonderrig aangebied word.

**SKRYWERSWERKSWINKEL EERSDAAGS AANGEBIED –** Die departement Afrikaans en Nederlands en die SR: Kultuur bied vanaf 26 tot 30 Julie 'n werkswinkel vir aspirantskrywers op kampus en in die breë gemeenskap aan. Die werkswinkel is daarop gemik om aan voornemende skrywers riglyne en hulp te verskaf ten opsigte van hul eie skryfwerk. Meer besonderhede is beskikbaar vanaf die departement.

**CELLIERS TOE PRIM VAN SIMONSBERG –** Norman Celliers, die aangewese kaptein van Oxford se rugbyspan vir vanjaar, is 'n oudprim van Simonsberg-manskoshuis. In die vorige uitgawe van *Die Matie* is verkeerdelik berig dat Celliers prim van Wilgenhof was. *Die Matie* vra om verskoning vir enige verleentheid wat die fout veroorsaak het.

## Karnaval samel rekordbedrag in

KARNAVAL '99 was die suksesvolste ooit. 'n Rekordbedrag van R345 000 is ingesamel.

Renate Klemmstein, voorsitter van Karnaval '98/'99, het verlede week bekendgemaak dat die Karnavalkomitee die vorige jaar se netto wins met R50 000 verbeter het.

Matie Gemeenskapsdiens, vir wie Karnaval fondse insamel, sal binnekort R330 000 vanaf die Karnavalkomitee ontvang. "In die 46 jaar van Karnaval se geskiedenis is hierdie 'n uitsonderlike rekord," het Klemmstein gesê.

Die Karnavalbeker is vanjaar gewen deur die Heemstede/Huis Marais-kombinasie.



**Die UK van die Karnavalkomitee**

## Geringe toename in studentegetalle by universiteit

DAAR IS vanjaar 'n geringe toename in die universiteit se studentegetalle.

Die studentetal, soos bepaal op 21 Maart, was 16 794, wat 'n ietwat meer is as verlede jaar se 16 715.

Van hierdie 16 794 studente is 8 695 mans en 8 099 vrouens.

Registrasie van voorgraadse studente het afgeneem vanaf 11 876 tot 11 839.

Daar is 116 meer nagraadse studente as verlede jaar.

Daar studeer tans 709 buitelandse studente aan die universiteit.

Volgens mnr Douglas Davis, woordvoerder van die universiteit, is die rassesamestelling van die universiteit se studente onseker, aangesien baie studente nie gewillig is om hul ras op die registasievorm in te vul nie.

## Vroue gemaan om nie vreemde drankies te aanvaar

DIE UNIVERSITEIT het vrouestudente gemaan om nie op sosiale geleenthede enigiets te drink wat hulle in die hand gestop word nie, aangesien dit die kans op verkragting verhoog.

Volgens mnr Louis Vlok van die Sentrum vir Studentevoorligting was daar onlangs enkele gevalle waar vermoed word dat vrouestudente sterk susmiddels toegedien is, en daarna seksueel gemolesteer is.

"Susmiddels van die Benzodiazapine-groep van medikasie kan aangewend word om tydelike geheueverlies te veroorsaak. In tabletvorm is dit klein, maklik oplosbaar, smaakloos en reukloos en kan in 'n drankie gegooi word. Daar is bewyse dat *liquid ecstasy* vir dieselfde doel aangewend kan word," het Vlok gesê.

Volgens Vlok lyk persone wat dié middels ingeneem het of hulle heeltemal wakker is, maar dit is ook moontlik dat hulle geen herinneringe van die tydperk sal hê nie. "Dit is dan wanneer seksuele molestering kan plaasvind," het Vlok gesê.

Mnr Viljoen van der Walt, hoof van US Beskermingsdienste, het gesê studente moet op sosiale geleenthede hul "drankies dophou". Hy het studente aangeraai om te alle tye self drank te koop en te hanteer, en hul drankies nie alleen te laat nie.

"As jy nie seker is oor die inhoud van jou drankie nie, hou op drink. As jy voel jy verloor beheer, vra iemand wat jy goed ken om jou huis toe te neem of skakel USBD. Onthou, dit is altyd verkieslik om saam met mense wat jy ken en vertrou sosiaal te verkeer," het Van der Walt gesê.

OPTICAL EYES
OPTOMETRISTS
OOGKUNDIGES
CHRISSIE PIEK
Shop G10 Winkel
Neelsie Centre / Sentrum
Matieland
TEL: 887 1778
FAX: 883 2049

Rabe
Bestuurskool
Driving School
Professionele opleiding in alle kode lisensies
kode 8.......R50 p/h
kode 10.....R80 p/h
kode 14...R160 p/h
Skakel Wilhelm
082-6920171

Beauty & Body Care
We have moved to De Waal Centre on the ground floor in Andringa Street.
BEAUTY & BODY CARE
Boland Bank · Masons Bike · De Waal Centre · Andringa Street · Parking Area · Victoria · Beauty & Body Care
Tel 883 9508

## "Ek is weer trots daarop om 'n Matie te wees" – SR-lid

"VIR DIE eerste keer in 'n baie lang tyd is ek weer trots daarop om 'n Matie te wees."

Só het Kabous Meiring, SR-lid vir Kultuur, gesê in reaksie op die Universiteitsraad se herroeping van sy besluit om die Universiteitskoor te ontbind.

"Studente het geveg vir iets, en dit reggekry. Die raad het hul fout erken, en dit reggemaak," het Meiring by navraag gesê.

Wynoma Michaels, die SR-voorsitter en *ex officio* lid van die Universiteitsraad, het Saterdag na die vergadering aan *Die Matie* gesê die raad se besluit is "baie goed". "Dit lyk asof die raad besig is om verantwoordelikheid vir sy eie besluite te neem en na belanghebbendes te luister," het sy gesê.

Stefan Ferreira, woordvoerder van die US-koorbelangegroep, het gesê dat die raad se besluit "feitlik 90% onveranderd herroep is", is vir die koor 'n riem onder die hart. Die besluit kan ook "'n dinamiese herbesinning" tot gevolg hê wat "selfs 'n beter opset" vir die koor sal waarborg.


**Meiring: trotse Matie**

# Konfrontasie dreig tussen rektor en raad

## Ongelukkigheid oor rektor "raadsbesluit ignoreer"

*Deon Wiggett*

'N KONFRONTASIE dreig tussen die rektor, prof Andreas van Wyk, en die Universiteitsraad nadat die rektor glo 'n raadsbesluit geïgnoreer het.

Die omstredenheid spruit uit 'n mediaverklaring wat gemaak is oor die raad se besluit om die ontbinding van die US-koor te herroep.

Volgens mnr Desmond Smith, voorsitter van die raad, "is die besluit van die raad 'n duidelike aanduiding dat die eerste besluit 'n fout was". Smith het gesê dit was die bedoeling van die raad om "sy spyt uit te spreek teenoor enige partye wat skade gely het" by die besluit oor die koor.

"Die raad wou sê hy is jammer oor die besluit," het Smith gesê.

Geen verskoning is egter aangeteken in die mediaverklaring oor die koor nie. Die verklaring lui bloot dat die raad tot "verskeie nuwe insigte" rondom die koor gekom het, en gevolglik sy besluit herroep.

Dit staan in skrille kontras met die raad se bedoeling, volgens Smith.

### "Was akkuraat"

Mnr Kobus Visagie, senior direkteur: Bemarking en Kommunikasie, het gesê die mediaverklaring was akkuraat ten opsigte van die raad se besluit.

Visagie het erken die mediaverklaring is eers deur die rektor goedgekeur. Die rektor "bring altyd wysigings aan ten opsigte van korrektheid," het Visagie gisteroggend aan *Die Matie* gesê.

Smith het gesê indien die rektor wysigings aan die mediaverklaring aangebring het wat die essensie van die raadsbesluit raak, die raad "definitief kennis daarvan sal neem".

'n Raadslid, wat op voorwaarde van anonimiteit gepraat het, het aan *Die Matie* gesê die rektor het duidelik veranderings aan die mediaverklaring gemaak wat 'n indruk skep wat verskil van die raad se besluit.

Visagie het ontken dat die mediaverklaring onakkuraat was. Visagie het gesê hy "wil nie by 'n debat betrokke raak" oor die aangeleentheid nie.

# Raad swig onder intense druk oor koorbesluit

*Deon Wiggett*

DIE UNIVERSITEITSKOOR sal vanmiddag in sy optrede in die Endler die publiek bedank vir die oorweldigende steun wat die koor gekry het na die Universiteitsraad se besluit om die koor te ontbind. Dit kom nadat die raad die naweek sy besluit om die koor te ontbind, herroep het.

Mnr Kobus Visagie, die senior direkteur: Bemarking en Kommunikasie, het Saterdagmiddag op 'n nuuskonferensie gesê die universiteit het sy besluit om die koor te ontbind, onvoorwaardelik herroep. Volgens Visagie het die "oorweldigende reaksie" van die publiek "beslis daartoe bygedra" dat die raad sy besluit heroorweeg het. Die raad het ook, na 'n proses van "wye konsultasie", tot "ander insigte gekom" omtrent die koor. Hy het erken die oorspronklike besluit was 'n fout.

Luidens 'n verklaring van die universiteit sal die US-koor "voortgaan binne 'n oorgangsraamwerk soortgelyk as dié van ander musiekgroepe aan die universiteit". Die koor het tot einde 2000 om te besluit oor die koor se posisionering aan die universiteit.

Die raad het op 'n buitengewone vergadering op 19 April, toe die besluit om die koor te ontbind opgeskort is, besluit om alle belangegroepe in die proses te raadpleeg. 'n Komitee bestaande uit prof Andreas van Wyk, die rektor, Visagie, en raadslede Gys Steyn en Herman Bailey het toe na voorleggings geluister van die koorbestuur, die US-koor belangegroep, die SR, die Konvokasie, die departement Musiek en ander musiekkenners.

Foto: Nic Norman-Smith


**Lede van die koorbestuur tydens hul voorlegging aan die Universiteitsbestuur**

Van Wyk, wat die voorsitter van die komitee was, het gesê die verdere ondersoek het tot verskeie nuwe insigte gelei. "Feitlik almal met wie ons gepraat het, het saamgestem dat daar wel probleme ten opsigte van die US-koor bestaan wat aangespreek sal moet word," het hy gesê.

Van Wyk het volgehou die oorspronklike besluit van die raad "het nie beteken dat die US-koor noodwendig moes ophou bestaan nie, maar dat hy op 'n ander manier sou kon voortgaan". Volgens hom is die gehalte van die koor "nooit deur die US-bestuur of in die gesprekke bevraagteken nie".

Volgens Visagie het die gesprekke getoon die wese van die probleem met die koor lê in die beheer en bestuur van die koor. Terwyl ander musiekgroepe aan die universiteit aan byvoorbeeld die SR en die Konservatorium gekoppel is, moes die US-koor onder die raad funksioneer. Volgens Visagie het vorige rektors van die universiteit hulself direk met die koor bemoei, terwyl Van Wyk nie het nie. Die koor sal, luidens die naweek se raadsbesluit, onder die beheer van prof Hans Roosenschoon, direkteur van die Konservatorium, staan. Die huidige koorbestuur sal ook nou omskep word in die koor se tussentydse beheerkomitee. Hierdie komitee moet voor die einde van 2000 aan die raad rapporteer oor die herstrukturering en herposisionering van die koor.

Stefan Ferreira, woordvoerder van die US-koorbelangegroep, het op Saterdag se nuuskonferensie gesê die koor is verheug oor die besluit. Hy het gesê daar het "baie energie" daar ingegaan om die besluit herroep te kry.

Ferreira is van mening die raad se oorspronklike besluit was 'n verleentheid vir hulle. Dit is nou duidelik die raad "sal moet kyk na sy besluitnemingsproses". "Die raad het nie vooraf voldoende inligting ingewin nie. Uit die raad se besluit kan mens aflei die raad het besef hulle het oorspronklik 'n verkeerde besluit geneem."

### Visagie verdedig proses

Op 'n vraag waarom die raad nie van die begin af 'n proses van konsultasie gevolg het nie, het Visagie gesê die raad neem "op grond van sy werkswyse" baie besluite sonder konsultasie. "Uit die reaksie het die raad besef hy moet herbesin."

So ver vasgestel kon word is dít die eerste keer wat die raad 'n besluit herroep.

Visagie het gesê "al die dele van die universiteit" sal oor hul eie posisie moet besin ten einde in te pas by die universiteit se strategiese beplanningsraamwerk. Volgens hom is die koor nie "onbereidwillig" om dit te doen nie.

• Die raad beplan steeds om 'n hegte verbintenis met die Libertaskoor aan te gaan.

DieMatie

FOR MORE NEWS...

VISIT

www.sun.ac.za/diematie

## Sêrfees "groter as ooit", sê organiseerder – swak weer ten spyt

DIE JAARLIKSE sêrfees wat verlede week plaasgevind het was die grootste tot nog toe.

Altesaam dertien sêrgroepe het oor 'n tydperk van vier dae aan die fees deelgeneem. Volgens Karien Bezuidenhout, die organiseerder, was dit 'n rekordgetal groepe wat so vroeg in die jaar alreeds gereed is om voor 'n gehoor op te tree.

Kabous Meiring, SR-lid vir Kultuur, het gesê sêr "sal nooit uitsterf nie, selfs al reën dit hoe hard".

Dit volg op die baie swak weer wat die organisasie reg deur die week taamlik omver gewerp het. Op een van die reënerige dae moes die groepe in die Neelsie-gat en die Vroueverenigingsaal optree. Van die koshuise het gekla dat die "bibgaatjie tradisie" in die proses verlore gaan. Hierdie koshuise is die volgende dag geleentheid gegee om 'n tweede keer – in die buitelug – te sing.

Foto Studio Lockley

*Eienaar Cor Langenberg (Beroepsfotograaf) • Langs Saambou Pleinstraat 21 Stellenbosch*

Ons is die student se fotograaf. Wanneer u foto's benodig is ons tot u diens om u te help.

Ons neem: ID- en paspoortfoto's terwyl u wag. * Studente registrasiefoto's * portrette * portfolio's * gradefoto's * modelfoto's * koshuisgroepfoto's * troues

Ure: 08:00 - 17:30

Bespreek vroegtydig vir gradeplegtigheidfoto's

Tel: (021) 883-3131/Faks: (021) 886-6378

# Election race on campus heats up

Pierre du Bois

Photo: De Jongh Borchardt



A member of Marthinus van Schalkwyk's entourage during his speech on campus

THE ELECTION race on campus is heating up in anticipation of the general election on June the 2nd.

Politicians from various parties have been speaking on campus, while the publicised defection of the New National Party's Brenton Maarman to the Democratic Party last week ended in farce.

Maarman, the chairperson of NNP Maties, was to defect to the DP on a news conference last Tuesday, which *Die Matie* was invited to attend. Maarman changed his mind at the eleventh hour and did not attend the news conference.

Maarman did, however, officially join the DP the day before the news conference. A copy of his membership form of the DP is in the possession of *Die Matie*.

Maarman told *Die Matie* this week that he was under intense pressure from the DP. "I was absolutely coerced to do it," Maarman said.

James Vos, a local member of the DP, alleged that Maarman said the NNP was a "sinking ship" and had no regard for the party's youth.

"James Vos coerced me to say that," said Maarman. He also said he was "coerced" into signing the membership form.

He reiterated his commitment to the principles of the NNP.

Meanwhile, Matie voters were targeted by members of the NNP and the African National Congress. In a speech on campus two weeks ago, Mr Dullah Omar, the Minister of Justice, said the "future of the country" rests "on the shoulders of the youth".

### Omar stays mum

Omar was not prepared to make a statement with regards to the future of the University of Stellenbosch, but stressed the importance of transformation.

Mr Marthinus van Schalkwyk, the leader of the NNP, was more vocal about Stellenbosch university in a speech on campus last Wednesday.

Van Schalkwyk, a former lecturer in the department of Political Science at Stellenbosch, said he believed there is room for two Afrikaans universities in South Africa: one in the south and one in the north. "Stellenbosch is the obvious choice in the south," Van Schalkwyk said.

In a further development, the DP reacted to a report in *Die Matie* about the removal of members of the United Democratic Movement who were distributing pamphlets outside the venue in which Mr Tony Leon, the DP's leader, was speaking.

According to ms Michelle Alexander, the national leader of the DP Youth, the US Protection Services (USPS) removed the UDM members on own initiative.

This is disputed by the USPS, who say that they were contacted by a DP member.

According to Alexander, the DP is "one of the biggest proponents of free speech in South Africa". "I would also venture to say that, with the type of leadership that seams throughout the UDM, they would be one of the last parties to hurl allegations of intimidation at anyone," she said. "I refer, of course, to leaders such as the late UDM warlord Nkabinde: a man with a history of armed intimidation."

Still, in response to the removal of the UDM members, Michael Jones, chairperson of UDM (Maties), wrote an open letter to James Vos, published in this edition of *Die Matie*. According to Jones, Vos threatened to "*donner*" and "*moer*" him.

In Vos's reaction, also published in *Die Matie* today, Vos does not deny this allegation directly. (Read both letters on p 6.)

Vos also accuses Jones of "[telling] lies in public". – *Additional reporting by Deon Wiggett and Annel Pieterse*

## Stellenbosse ontbloter loop sy rieme styf

Jacobus Schietekat

'N MAN wat hom aan studente van Heemstede ontbloot het, is verlede week deur US Beskermingsdienste (USBD) aangekeer.

Die man, 'n 46-jarige, Engelssprekende besigheidsman van Kaapstad, is na 'n jaagtog gevang by die Paul Roos Gimnasium net oorkant die Eersterivier.

Omstreeks agtuur twee Sondae gelede is hy deur twee vrouestudente op heterdaad betrap in die parkeerterrein van Heemstede. Hy is daarna gewaar op pad na Huis Ten Bosch, waarna mnr Viljoen van der Walt, hoof van USBD, ontbied is om hom voor te keer.

Die vermeende ontbloter is al voorheen skuldig bevind aan ontbloting. Hy het blykbaar gesê dat hy weet dit is 'n kriminele oortreding, maar "kan homself nie help nie".

Die universiteit het besluit om nie 'n saak aanhangig te maak voordat die studente wat hom gesien het, nie met hulle ouers gepraat het nie. Kapt Anton de Kock, die kommunikasiehoof van die Stellenbosse polisie, het gesê die geval is nie geïsoleer is nie en dat onblotings sporadies by plekke soos meisieskole plaasvind. Die meeste hiervan word op versoek van die klaagster nooit strafregtelik ondersoek nie. Hy sê dit is "jammer", "want met vervolging kan oortreders gedwing word om sielkundige hulp te kry".

## Hombre to become mixed-sex residence

Pierre du Bois



HOMBRE is to become a mixed-sex residence at the end of this year, according to a proposal made by prof PG du Plessis, the chief director: Student Affairs, to the rector.

According to the proposal, the residence currently known as Hombre will be sub-divided into a men's and women's section. However, Mr Danie Roux of Student Affairs refused to rule out the possibility that the hostel might eventually become a women's residence. "This depends on the question of accommodation," he told *Die Matie*.

This comes after weeks of controversy, after the university planned on turning Hombre into a women's residence and Goldfields, currently mixed-sex, into a men's residence. This was necessitated by a lack of accommodation for women wishing to study at the university.

Roux said that, although Hombre – the male section of the new hostel – will now be much smaller, it will enable Hombre to retain its identity.

The university currently plans to house approximately 150 first year women into the building next year. The hostel is to be subdivided before then. The new section (Sonop) will be treated as a separate residence and will have its own organisational structures. This will reduce the size of Hombre to about 120. The practical implications of how the division will be made are not yet exactly sure, says Roux.

According to Roux, the changing of Huis de Villiers into a women's residence, as suggested by the SRC, is not viable.

## Aanrandingsondersoek in doodloopstraat

DIE ONDERSOEK na die beweerde aanval van 'n buitelandse student buite Fat Boys het 'n doodloopstraat bereik.

Dit volg op bewerings dat 'n student op Vrydag 16 April aangerand is toe hy die klub verlaat het. Die student en sy vriendin moes mediese behandeling kry.

Volgens US Beskermingsdienste het drie mans, wat deur die student identifiseer is, na vore getree, maar geen bewyse kon teen hulle gevind word nie. Die slagoffers het later ook begin twyfel aan hulle verklarings.

Volgens mnr Viljoen van der Walt, hoof van USBD, is die ondersoek hangende, maar hulle sal gedwing wees om die saak te sluit as geen verdere inligting na vore kom nie.

'n Klag van aanranding met die oog op ernstige besering is ook by die polisie gelê. – *Mandy Rossouw*

## *Matie-redaksielede lei vanjaar Stellenbosse Student, Matiedagboek*

TWEE HOOFREDAKSIELEDE van *Die Matie* is die nuwe redakteurs van onderskeidelik *Die Stellenbosse Student* en die *Matiedagboek*.

Michael Hatton, hoofredakteur van *Die Matie*, is aangewys as redakteur van *Die Stellenbosse Student* vir vanjaar se uitgawe, terwyl Frank Olivier, *Die Matie* se assistent-hoofredakteur, redakteur word van volgende jaar se *Matiedagboek*.

Volgens Gawie Malherbe, die SR-lid vir Media, is Hatton gekies op grond van sy "puik werk by verskeie publikasies en die werk wat hy die afgelope jaar by *Die Matie* verrig het".

Die aanstellings is goedgekeur by die vorige SR-vergadering.

**Bougas Optical Boutique**

GEREGISTREERDE OOGKUNDIGE EN KONTAKLENS PRAKTISYN

B. Optom. FOA. (SA) - B.Sc. Hons. (Stellenbosch)



Tel: 887 1158 / 883 9564

3A Andringastraat (oorkant Stellenbosch Hotel)

## SRC feedback circus a non-event

THE SRC feedback circus in the Neelsie three weeks ago turned out to be an absolute non-event.

The circus generated little attention, with most of the questions relating to the crises about the institutional statute and the University Choir.

Most of the questions were directed at Wynoma Michaels as chairperson. Michaels dealt at great length with the SRC's aims and achievements in the statute process, as reported in *Die Matie* throughout.

The circus took place the day after *Die Matie*'s SRC evaluation, and many of the questions centred onabout the evaluations. SRC members also were prepared to deny their being "silent", in the case of Heidi October, "marginalised" in the case of Geo Quinot and "naive" in the case of Riki Lombard.

An SRC feedback circus once every semester is prescribed by the SRC-constitution.


Wynoma Michaels at the circus

# Our freedom to read

*Kuhlani Dlamini*

UNIVERSITY OF PRETORIA - An article about freedom of expression or anything related to that would have been labeled as "irrelevant" if it had been published in the past month. However, since the *Perdeby* has been deprived of its service provider status, there is no time better than the present for one to deliberate on what the right to freedom of the press in general affords to media organisations.

More precisely, the question to be asked here is: what powers do the constitution of the country and the constitution of the university give to *Perdeby* as a watchdog of the student's right to information? How much freedom does a newspaper have in relation to the choice of what should be published? Does it enjoy the freedom of the press guaranteed in the constitution, without fear of being prejudiced, or not?

As most of us know, *Perdeby* has been closed down as a result of a decision taken by the SRC, following a report by an independent commission, which was appointed to investigate the *Perdeby*.

Among the reasons for this decision is that *Perdeby* is no longer objective in the sense that reports and letters are selectively placed and misinterpreted and unverified facts are placed repeatedly, and also, that the stories covered by *Perdeby* are only relevant to a small percentage of the student community.

Another point of concern raised by the SRC is that *Perdeby* "destructively reports on the images of other service providers, but especially the images of the residences".

All of these are definitely points of concern, and it can be added to the fact that the entire main editorial staff of the paper consists of white people.

However, despite all these problems, it is difficult to understand why *Perdeby* was suspended. Certainly there could have been a better way to deal with these issues. If one looks closely at the constitution of this country, one could conclude that the decision was unconstitutional.



The decision to suspend Perdeby can be tested against Section 16(1)(a) of the constitution, which expressly guarantees the right to freedom of expression, which includes the freedom of the press and other media.

This includes the right of a newspaper to report on any relevant matter, without the fear of possible intervention from the outside. This also extends to *Perdeby*'s role, in terms of being a watchdog of democracy on campus.

The courts ackowledge the right of freedom of expression.

After re-opening, *Perdeby* received messages from various student newspapers expressing dissatisfaction with the suspension of *Perdeby*. The ANC Youth League of the UP consulted *Perdeby* to clarify their position on the issue. Ntuthuko Khumalo, chairperson of the ANCYL, pointed out that the decision to suspend *Perdeby* was not justified.

The chairperson of the SRC, Graeme Tosen, feels on the issue of freedom of expression that, although this freedom should be respected, there is a limitation to it. He explained that they first had to suspend *Perdeby* until 15 May, when *Perdeby*'s new constitution had been drafted.

*Perdeby*'s editor, Willie Basson, responding to the allegations of incompetency of the paper, said that he accepts that the paper has problems, but he was not happy about the way in which the whole issue had been handled.

With regard to the fact that the paper's main staff comprises of only white students, he said that he "hopes that in the new constitution which is drafted for *Perdeby*, the problem will be addressed.

He also hopes that the paper will be more representative of the students, and all cultural groups will apply and that all applications will be considered on merit. Tim Zunckel, station director of Radio Tuks, also expressed his concern about the closing of *Perdeby*. He, however, mentioned that the way in which reports in Perdeby are written, is questionable. Sareta Thomas, chairperson of Tuks rag, feels that service providers have to be independent, so that they can work objectively. *- Perdeby*




# 'Laaste afgestelde Intervarsity was tydens die oorlog'

*Zitha Landman*

POTCHEFSTROOM UNIVERSITEIT - Intervarsity 1999 gaan nie meer vanjaar plaasvind nie, want daar kon nie 'n geskikte datum, waarbinne die akademie en druk internasionale, provinsiale en klubrugbyprogram inpas, gevind word nie. Teen die einde van 1998 het 'n vergadering in Potchefstroom plaasgevind in verband met die beplanning vir Intervarsity 1999. Daar is algemeen besluit op die datum van Vrydag, 6 Augustus 1999. Dr Koos Hugo (Direkteur van die Sportburo PU vir CHO), mnr Ewie Cronje (Adjunk-Direkteur vir Kovsiesport, UOVS), ander sportbeamptes van albei universiteite, asook studenteraadslede Johan Serfontein, SR-Sport (UOVS) en Boeta Pieterse, SR-Rekreasiedienste (PU) het moontlike datums deurgegee: 3 September en 8 Oktober.

3 September: Vir UOVS is dit onaanvaarbaar, want die Super Klub-, o/21- en Curriebeker-semifinale vind dan plaas.

8 Oktober: Dan is die plaaslike rugby reeds lankal afgehandel en die studenteraadstermyn het dan ook reeds ten einde geloop, wat probleme met die organisasie kan veroorsaak.

Tydens 'n telefoniese opvolggesprek tussen studenteraadslede op 10 Maart het die PU vir CHO die datum van 21 Mei voorgestel. Ongelukkig is 21 Mei UOVS se prediedag (semesterpunte word dan bekend gemaak) en hulle begin reeds op 24 Mei met hulle eksamen. Die datum van 22 Mei is ook ongeleë, aangesien die finaal van die Vodacomkompetisie, asook die finaal van die Klubkompetisie, dan plaasvind.

Kovsiesport, in samewerking met die Studenteraad, het daarna die datums van 17 of 18 September voorgestel as gevolg van die feit dat:

* geen SARVU-georganiseerde rugby dan plaasvind nie;

* beide universiteite dan met vol sterkte rugbyspanne kan speel;

* die datum kan ook vir M-NET 'n oorweging wees, wat die verkryging van borge vergemaklik;

* die September-vakansie begin vir UOVS op 22 September en vir PU vir CHO op 23 September.

Die PU vir CHO moes gedwonge die datum afkeur, aangesien die PUK se toetsreeks van 13-23 September strek. Geen datum kon dus vasgestel word wat almal tevrede stel nie. Dit is darem nie die einde van Intervarsity nie, want die PUK het Kovsies genooi om volgende jaar na Potchefstroom te reis vir die hervatting daarvan. Beide partye voel dat Intervarsity 'n baie trotse, jaarlikse tradisie is wat nie moet uitsterf nie. Dit is die enigste Intervarsity wat nog in Suid-Afrika plaasvind en is nog net een keer van te vore onderbreek, tydens die oorlog.

Al is die groot Intervarsity afgestel, gaan Intervarsity nie-amptelik op sosiale vlak, tussen verskeie universiteite se koshuise, plaasvind. Die Sjampanjenooientjiekompetisie en *Big-Brag* sal ook voortgaan. Slegte nuus is dat die naweek van 6 Augustus natuurlik nou nie meer 'n langnaweek gaan wees nie. *- Wapad*

# Diefstal op PUK kommerwekkend




POTCHEFSTROOM UNIVERSITEIT - Dit wil voorkom of die algemene morele verval en groeiende gebrek aan respek vir ander mense en hul regte wat die post-apartheid Suid-Afrikaanse gemeenskap kenmerk, ook besig is om op Suid-Afrika se enigste Christelike universiteit kommerwekkende afmetings te bereik.

Alhoewel Christelike wetenskapsbeoefening op die PUK nog kerngesond is, word dit algemeen aanvaar dat studente van die universiteit in hul persoonlike lewens nie meer volgens Christelike waardes en norme optree nie. Daar is reeds heelwat gesê en geskryf oor Pukke wat hulself as Christene voordoen se alkohol- en dwelmmisbruik en seksuele losbandigheid.

Die afgelope paar maande het hierdie kwessie nog 'n dimensie bygekry. *Wapad* het onlangs vasgestel dat diefstal by Radio Puk só toegeneem het dat die bestuur nie meer weet wat om te doen nie. Diefstal uit die Ferdinand Postma-biblioteek het ook krisisafmetings begin bereik. Duisende rande se eiendom is reeds by hierdie twee instellings gesteel.

Die verdwyning van CD's by Radio Puk is baie sensitief, aangesien slegs lede van die stasie toegang het of behoort te hê tot die musiekkamer en ateljee. Daar is 'n kaartdeur geïnstalleer en slegs lede is op die spesifieke kaartleser se toegangslys. Ander mense kan slegs daar inkom saam met lede en dan moet hulle streng gesproke toestemming van 'n bestuurslid hê.

Die logiese gevolgtrekking is dus dat dit 'n lid of lede van die stasie moet wees wat CD's "herverdeel". Volgens 'n besorgde lid van die stasie, wat om vanselfsprekende redes nie sy naam genoem wil hê nie, is dit die ergste, "Dit kan enigiemand van ons wees. Almal by Radio Puk is goeie vriende en ons is regtig 'n *close* groep. Dit is skokkend om te dink dat iemand wat jy vertrou en elke dag mee gesels, 'n dief is."

Volgens Michael Joubert, stasiebestuurder, en Peter Santana, musiekbestuurder, is die diefstal van CD's by Radio Puk inderdaad 'n ernstige en sensitiewe probleem. Die stasie het sedert die begin van die jaar na raming dertig CD's verloor, waarvan die meeste nuut en baie gewild was. Dit is volgens hulle moeilik om iets te doen, aangesien alle lede oor dieselfde kam geskeer sal moet word en dit tot ongelukkigheid kan lei. Die bestuur het egter besluit om DJ's van nou af na hulle programme op lukrake basis te deursoek.

By die Ferdinand Postma-biblioteek gaan dit ook nie veel beter nie. Volgens 'n biblioteekdiensbeampte is 'n lys opgestel van 2234 aangemelde boeke wat doodeenvoudig oor die laaste vyf jaar nêrens te vinde is nie.

Dit is veral duur voorgeskrewe handboeke wat verdwyn, selfs en veral vanuit die reserveerafdeling. In een geval het die dief netjies die boek uit die omslag gesny en die omslag weer teruggesit in die rak. Alhoewel elke boek 'n magnetiese plakker in het om te verseker dat geen boek ongemerk deur die magnetiese verklikkers by die uitgang van die biblioteek en die reserveerafdeling kan gaan nie, is daar baie maniere om dit te omseil.

Dit is algemeen bekend dat studente eenvoudig die plakkers uit die boek skeur of die "dief" gooi die boek by 'n venster uit en 'n medepligtige tel die boek aan die buitekant op. Die biblioteek het nou wel diefwering voor die vensters aan die agterkant, maar nie aan die voorkant nie.

Vir baie studente wat ernstig navorsing doen, is dit 'n spanningsvolle ervaring om bronne in die biblioteek te gaan soek, omdat baie boeke wat as basisbronne gebruik sou word, vermis word. Hierdie studente voel dat hulle die volste reg het om ontsteld te wees, omdat dit hul navorsing benadeel en groot onkostes meebring, omdat hierdie boeke dan elders in die land bekom moet word.

Wat volgens mnr Buys wel duidelik is, is dat 'n groeiende getal studente nie meer respek toon vir ander mense se regte nie en baie selfsugtig is. Dit laat mens wonder van van naasteliefde op die PUK geword het. *- Wapad*

# SRC member announces withdrawal

*Liesl Pretorius*

UNIVERSITY OF THE FREE STATE - At an SRC meeting held on 28 April, Pule Molalenyane, SRC Policy Maker fo the South African Students' Congress (SASCO), announced the temporary suspension of his services as SRC member. Molalenyane told IRAWA that the reasons for this include the way in which a disciplinary matter was handled by the SRC chairperson, Chris Bender.

In his statement, he accused the SRC chairperson of misleading the SRC and the students about matters such as the criteria for the installation of Internet hubs in hostels, the amount of money allocated to the Fresher's Ball, the attendance of SRC-EC meetings and the allocation of money for transport to the funeral of a student. Molalenyane said that his services would would be suspended until after Bender's return from an overseas trip.

## Denied allegations

In an interview with IRAWA, Bender denied Molalenyane's allegations. "The disciplinary matter will be handled by the Court. It is a SRC matter and not a personal one," he said, "It is a pity that the SRC's objectivity is being questioned."

At the said SRC meeting, Ayanda Sibiya (SRC for Culture) and Claire Phutieagae (SRC for Student Services) indicated that they had been asked by concerned students to suspend their services, should the Fresher's Ball matter not be resolved.

## Not enough money

According to Sibiya, students feel that not enough money was allocated to this project and that the SRC is not providing for the needs of the black students. According to the SRC chairperson, Chris Bender, more money will not be allocated to the Fresher's Ball, but the organisers will be helped by the SRC to pay the R2700 which they overspent. "The SRC did not promise more money for this project, neither did the members guarantee their presence at the project at any stage," he said. The matter has apparently been resolved and the SRC members will not suspend their services. *- Irawa*

*Die* **Matie**

**NO 9 · 12 MAY 1999**

**Latest decision on choir is encouraging**

It may have been the result of a public outcry, but it is still encouraging that the university council has decided to overturn its decision on the status of the university choir. This is especially important, since the original decision was taken unanimously. It is vital that a body as influential as the council is able to look at itself critically and to evaluate itself constantly. As was the case with many other contentious issues, the process by which the decision was taken, was the main focus of the criticism. Hopefully the council now realises the importance of making a process as transparent and inclusive as possible. The council has much to learn from this experience, which should be reflected in future actions.

A source of concern, however, lies in the fact that the rector, Prof van Wyk, does not seem to share this view. This was partly reflected in the watered-down press statement, released after the council meeting on Saturday. While it contains the basics of the council decision, it does not reflect the clear and firm renunciation of the original process and withdrawal of the choir's status. One would have hoped for an acknowledgement of the flawed process which was followed.

**It's my political party, and I'll cry if I want to**

Election campaigns are gaining momentum and in the past few weeks the campus has been the venue of many political meetings, featuring influential speakers from across the political spectrum. Despite the disappointing registration numbers among students, it is good to see that political leaders are taking the trouble to visit what is considered by many to be an isolated community. This is an ideal opportunity for students to evaluate their beliefs and value systems and to become involved in their own future, yet the audiences at political meetings have been quite small. Over the past few months, *Die Matie* has published a number of articles featuring the most important political parties. In the next edition an overview of all the parties contesting the elections will be given. Only three weeks are left before South Africans go to the polls and it is up to every registered students to equip themselves in order to make an intelligent and well-considered choice.



**Ondanks struikelblokke, behou die Universiteitskoor steeds sy amptelike status.**

**hoofredaksie**

*Hoofredakteur:* Michael Hatton (michael@diematie.sun.ac.za) · *Assistent-hoofredakteurs:* Frank Olivier (frank@diematie.sun.ac.za) · Anelde Greeff (anelde@diematie.sun.ac.za)

*Nuus:* Deon "Boerseun" Wiggett (deon@diematie.sun.ac.za) · *Interkampus:* Ania Boldireff-Strzeminska (ania@diematie.sun.ac.za) · *Dag en Nag:* Nils van der Linden (nils@diematie.sun.ac.za) *Aktueel:* Waldimar Pelser (waldimar@diematie.sun.ac.za) *Studentelewe:* Jacolette Kloppers (jk@diematie.sun.ac.za) · *Sport:* De Jongh Borchardt (dejongh@diematie.sun.ac.za)

*Finansiële Bestuurder:* John-Henry Horn (jh@diematie.sun.ac.za) · *Advertensiebestuurder:* Johannie Liebenberg (johannie@diematie.sun.ac.za) · *Internetredakteur:* Natasha Thomson (natasha@diematie.sun.ac.za) · *Fotograaf:* Nic Norman-Smith (nic@diematie.sun.ac.za) · *Rekenaarbestuurder:* Carl Scheffler (carl@diematie.sun.ac.za) · *Taalversorger:* Danie Smit (danie@diematie.sun.ac.za) · *Spotprente:* Fabio Crabbia

**tel:** (021) 808-3539 · **faks:** (021) 808-3538 · **e-pos:** diematie@renet.sun.ac.za

**posadres:** Langenhoven Studentesentrum, Privaatsak X1, Universiteit van Stellenbosch, Matieland 7602

**volgende uitgawe:** 26 Mei · **sperdatum:** 19 Mei

**advertensies:** 0881261572 · **intekenare:** 0881302066

i

# BRIEWE LETTERS

**Enigiemand kan 'n brief aan *Die Matie* skryf. Ons behou egter die reg voor om briewe te verkort. *Die Matie* mag nie naamlose briewe publiseer nie. Die name van mense wat onder skuilname skryf sal absoluut vertroulik hanteer word. Almal is welkom om briewe self te kom aflewer by ons kantoor bo in die Neelsie of per e-pos te stuur. Ons kontakbesonderhede verskyn elders op dié bladsy.**

## *Open letter to James Vos*

I WOULD like to thank you for showing your true colours over the past few weeks – it has done wonders for the UDM's cause (it even got my photo in *Die Matie*).

But for those who do not know what I am talking about, let me explain. As all those who read the last issue of *Die Matie* (21/04/99) should know, Mr Vos justified and supported the action taken by the DP to have the UDM members removed from the area while handing out pamphlets before Tony Leon's Speech on the 13th of April 1999. On the night of 21 April, MFM conducted a political debate between the various campus parties (ANC, DP, NP, FF and UDM).



Michael Jones

The UDM's representative, Eldi Beyers, stopped short of crucifying Vos live over the air. I am sure that all of those present in the radio station were considering the positive aspects of euthanasia considering Mr Vos's very poor performance. The following Wednesday, when MFM conducted the same type of show again, the UDM was very upset to hear that Mr Vos could not attend, as he was writing a test. I am sure that Mr Vos realised from the first radio show that he could not necessarily depend on a career in politics and had to make sure that he gets his degree one day.

The cherry on the top came on Thursday 29 April 1999, the day before Dullah Omar was to speak on campus. At about 18:00, Thomas Walters and I were chatting in the road outside RGO. Mr Vos pulled up in his car across the road to talk to some guys standing there. I walked up to his window and asked him (as a joke), "James, are you going to come hand out pamphlets with me outside the ANC meeting tomorrow?" It was at that point that James Vos lost it completely. He said things like "What I have already forgotten, you must still learn, blah, blah, blah..." As I walked away, he was saying "Kom terug hier...ek gaan jou donner...ek sal jou moer!" Maybe we should contact Mr Tony Leon and tell him that we have two new words to add to the liberal dictionary, namely "*moer*" and "*donner*". It seems to me that Mr Vos has forgotten what I know, not what I must still learn. So James, beacause of your forgetful nature, let me refresh your memory with the Politics for Beginners course:

1. Never jump ship for selfish gain – it might backfire on you. I understand that you do not feature on the DP's candidate list as you expected to when you crossed over from the NP.

2. Never lose your cool in public – it may come back to haunt you. This letter is a fair example of that. Now all *Die Matie* readers know how professionally you react towards opposition members.

3. Never, ever underestimate your political opponents. If you had known this, your political days would not be numbered!

**Michael-John Jones**
**UDM Maties (Chairperson)**

## *James Vos reageer*

MET HIERDIE brief lyk dit vir my asof die UDM te veel tyd op hulle hande het, omdat hulle byvoorbeeld briewe skryf wat persoonlike aanvalle op lede van ander politieke partye bevat.

Ek verwys na die brief van Michael-John Jones. Dit is heel waarskynlik so dat u nie sal weet wie hy is nie. Gun my daarom die geleentheid om u in kennis te stel dat hy die voorsitter is van die UDM se klein tak op kampus.

Allow me to respond to your lies, Michael-John, simply by saying that you should spend more time on trying to get your floundering party some supporters, both on campus and in the rest of Stellenbosch, and less on trying to vilify your opponents in the press.

Nie ek of enigiemand in die DP het kampusbeheerpersoneel gevra om die UDM te verwyder op die dag toe Tony Leon die studente toegespreek het nie. Hulle het op eie inisiatief gereageer. Miskien moet julle van die UDM "probeer" om politieke vergaderings van julle eie in die toekoms te reël, sodat julle jul opinies kan lug teenoor al vyf die UDM ondersteuners op kampus, eerder as om die hele kampus te verveel met julle verskoning van "slimheid".



James Vos

As for being busy with my exam preparations and tests: I take my studies seriously and believe that we should send only educated, competent and industrious people into government, instead of the 50 000 "excess" (unemployable and superfluous) government employees who are currently wasting taxpayers' money and of whom we cannot get rid. Most of them come from the old Transkei, which was so "competently governed" by Bantu Holomisa whom you are trying to put back in government after his old party kicked him out.

As for the radio debate you believed went so well, I can only say it is a pity that this self-proclaimed fifteen minutes of fame you enjoyed is not reflected in the latest national election polls and that the UDM seems doomed to be an irrelevant 2% party with hopeless leadership and falsifying activists (you lied once too often in the letter, I am afraid).

The only two words that I will add to my dictionary are "effective opposition" which is what we in the DP are and that you in the UDM will never be (being too busy fighting shadow duels with imaginary enemies like myself).

Maybe there are some rules of this game you need to take note of:

1. Don't tell lies in public and get your facts in order. (Your letter contains many "inaccuracies".)

2. Follow your own rules: Attempt to engage other opposition parties' activists in a professional manner and concern yourself with the issues at hand and not spurious attacks on individuals you happen to dislike.

3. While practising the above rule, take the effort to join an party which actually has a real role to play in politics and is not simply a marriage of convenience between two slapstick politicians who were no longer welcome in their own organisations (Roelf and Bantu).

Finally, I will decline to answer any further letters from you until you get a life. Stop bugging me, I am busy with an election campaign. Go out and fight your own. Show us the money! In other words, stop talking big, and win an election first. I will take you seriously after that. The UDM is one big bag of hot air, Mr Michael-John Jones.

**James Vos**
**Studenteorganiseerder (DP)**

## *NNP fokus op regte kwessies*

ALHOEWEL Marthinus van Schalkwyk nie die arrogante *flair* van 'n Tony Leon of die gerespekteerde staatsman-beeld van 'n Nelson Mandela of 'n FW de Klerk het nie, het hy volgens my die belangrikste eienskappe wat ek in 'n politikus soek en dit is eerlikheid, begrip en intelligensie. Hierdie drie eienskappe het sterk na vore gekom in sy onlangse toespraak op kampus.

Mnr Van Schalkwyk het ook hewiglik die DP se emosionele speel-op-die-hartsnaar "Fight Blacks" (ag jammer) "Fight Back" veldtog gekritiseer. Dit is duidelik dat die DP onder die illusie verkeer dat hulle 'n werklike sterk opposisie uit slegs blanke steun op die been kan bring.

Die Nuwe Nasionale Party se beleid is die enigste waarmee ek my werklik kan versoen. Die party glo dat misdadigers vasgevat moet word en dat die doodstraf heringestel moet word. Die NNP het 'n sterk federale beleid wat daarop

# Jy ry met jou rooi motorkar

DIE NOMMERPLAAT was 'n besliste en duidelike CFR. Nogal ewe in die hoogs onwettige rooi *italics* op wit. Die remligte het soos die plate van een van daai ou stowe gelyk. En tussendeur die strepe van die *demister* het 'n hondjie gelê en kyk vir my. Nie 'n regte hond nie, maar 'n ou, opgespeelde *soft toy* met een van sy knoopoë missing.

*Shame*, dink ek, ek is bly ek ry nie met so 'n pylblou Nissan nie. En ek is seker as ek kon hoor watter *tape* hulle luister sou dit iets soos Whigfield wees.

Ja, 'n mens se kar is 'n snaakse ding. Aan die een kant sê dit ongelooflik baie van jou persoonlikheid, hoe jy na die lewe kyk en watter boodskap van jouself jy die wêreld wil instuur. As dit natuurlik van agter donker ruite en met 'n glinsterende CD aan die tru-spieëltjie is, is die boodskap redelik hard en duidelik. Maar aan die anderkant het die meeste studente nie juis 'n keuse wanneer dit by hul voertuie kom nie. Jy kry net die vaal tweedehandse kar waarmee jy grootgeword het, terwyl pappie 'n nuwer Mercedes koop.

As dit byvoorbeeld van my persoonlikheid afhang, sal ek met iets soos 'n nuwe Golf of 'n Z3 ry. Opwindend, stylvol en *funky*. (Ja, ja, 'n mens kan maar net droom...oor my persoonlikheid of die kar?) Ongelukkig sit ek nou net met 'n wit Corollatjie. Goed, eenvoudig, konserwatief en betroubaar. (En ja, ek praat beslis van die kar.)

Kla hieroor kan ek en menige ander nie. 'n Mens sê maar net dankie en ry weg met die tenk vol petrol. Dit is dié dat daar so baie studente is wat met hul gesinsmotors uit die tagtigs rondry. Dis nie dat enigeen van ons al so vroeg begin beplan vir 'n gesin en die motor solank regkry nie.

### En saam ry ook jou pop

Die manne kan egter gerus wees. Ek weet dat in die toekoms, wanneer ons almal sessyfer salarisse verdien, die dames julle wel gaan beoordeel op grond van die motor waarmee jy ry. Of die motor waarin jy rondgery word. Maar ek dink nie dit gebeur nou al nie.

Of wag, dit gebeur so nou en dan (dit is nou as jy buite die kategorie gelukkige sotte val wat net met karre ry omdat hulle dit geërf het en nie 'n keuse gehad het oor hoe dit lyk nie). Veral as jy 'n windgat *charmer* is wat met 'n Polo of 'n Golf rondrits. Dan gaan die *girls* jou beslis kategoriseer.

Of dit nou as ryk en Hilton Weiner-*like demigod* of as windgat, gholfspelende B.Rekker is,



**Perspektiewe en dinge**
deur Anelde Greeff

kan menige meisie vinnig aflei. 'n Mens ken immers 'n man aan sy speelgoed.

Gepraat van speelgoed. Party ouens is soos mik-en-druk kameras. Hulle sien 'n mooi meisie, mik na haar en wel, druk haar. Dan is álles weer verby. Die resultaat is gewoonlik nie so goed soos dié van betere kameras (geoefende *charmers*) nie, maar nou ja. Vinnige bevrediging.

### En as jy by die rooi lig kom

Maar laat ek nou nie op ander rygoed vashaak nie. Die ding is net dat die kleur en geur van jou kar en die hoeveelheid leë McDonald's houertjies en ou toetsvraestelle wat daarin verstrooid lê, wel die mense rondom jou beïnvloed. Veral as jy 'n rooi kar het.

Daar is 'n sekere kleur oranjerige rooi wat my eenvoudig naar maak. Kotsrooi. Hulle moet dit onwettig maak om sulke motors te maak. *Let alone* ry. 'n Mens kan nie eens na hulle kyk nie. Dit maak jou oë seer en dit gaan my verstand te bowe hoe iemand daarmee kan ry. Dis net soos om na 'n Heemsteder in *jeans*, tekkies en 'n sweetpak*top* te kyk.

Ek wag nog net vir die dag dat ek in my wegkyk van so 'n kammarooi kar iemand gaan omry. Wel, as dit 'n Helshoogteman is, is dit miskien nie so 'n *loss* nie.

### Koor schmoor

Spaar my asseblief tog net dat ons liefste koortjie in my leeftyd weer deur so 'n onsekere tyd soos die afgelope twee maande sal gaan. Ek dink nie ek sal weer simpatie kan hê as daar (weer) gedreig word om hulle te ontbind nie. Ek is regtig bly hulle bestaan nou weer volwaardig.

Na al die geween en gekla en gesing is hulle tog nou goed op pad na hul vier en sestigste verjaardag. En soos alle goeie seniorburgers het hulle ook hul valstande (note?) en winderigheid. Mag hulle lank en gelukkig lewe.

### Handy Andy

Steeds is daar geen einde aan die kaskenades in Administrasie nie. Prof Andreas en die res van die raad het nou besluit om 'n nuwe viserektorspos te skep en die bestaande akademiepos in twee te deel. Dus is daar nou drie omies onder die rektor.

Of wag, hoe weet ek die derde pos gaan 'n oom wees? Daar word dan nou gesê dat dit 'n "nie-tradisionele aanstelling" gaan wees (met ander woorde gaan dit hierdie slag demokraties en deursigtig wees?).

Plaas dat hulle eerder van hierdie addisionele pos vergeet en nog 'n koshuis bou. Of dalk sommer drie. Die salarisgeld wat bespaar word gaan beslis nie min wees nie.

Dan sal Hombre tog nie biseksueel hoef te wees nie.

## Kampus Quotes

**"Ek drink nie meer nie – ek het nou 'n boek om te lees."**
- Kabous Meiring kom tot nuwe insigte.

**"Bad stuff is gonna happen."**
- B.Sc student predicts what will happen when Y2K strikes.

**"Watter een is Marthinus? Almal lyk dieselfde."**
- Vrouestudent oor NP leiers.

**"Dit is moerse eroties vir party mense om hulself in die publiek nat te maak."**
- Gehoor in die Neelsie.

**"Ek wil staan vir Miss SAU-SRC."**
- Riki Lombard oor moontlike skoonheidskompetisie.

**"Rudi lewer Sondag twee preke en nie een daarvan is vir ons nie."**
- Riki Lombard

**"Die koor sal moet besluit of hy 'n vlagskipfunksie aan die universiteit wil vervul of 'n roeibootfunksie."**
- Kobus Visagie oor die US-Koor se herposisioneringsproses.

**"What struck me most about him is: he has amazingly soft hands."**
- Wynoma Michaels about meeting President Nelson Mandela.

**"Oumatjie val vir Oupatjie!"**
- Kabous Meiring se reaksie.

**"Die klas is te wit"**
- Toegepaste Etiek-dosent oor haar tweedejaars.

**"Stellenbosse inwonende hoofde sou deur die nare insidentjie in Hiroshima geslaap het."**
- Gehoor by ABR (Akademiese Belangeraad) vergadering.

**"Daar is twee luukshede in my lewe: slaap en klasbywoon"**
- Student

*Kampusquotes kan nou voorgestel word by*
**www.sun.ac.za/diematie**

gerig is om die ANC ten alle koste te beveg. Dit kan slegs gedoen word deur een, verenigde, sterk opposisie. Die NNP is na my mening die enigste party wat die potensiaal het om 'n werklik verteenwoordigende opposisierol te vervul. Die rede hiervoor is dat amper twee-derdes van die NNP se steun anderskleurig is. Volgens 'n onlangse meningspeiling, word die magsbasis as volg verdeel:

| | |
|---|---|
| Indiër | 11,8 % |
| Blank | 39,9 % |
| Kleurling | 36,8 % |
| Swart | 11,5 % |

Indien al bogenoemde faktore in ag geneem word, is dit duidelik dat daar slegs een verteenwoordigende party is, met 'n beproefde rekord van regering, wat die rol van 'n sterk opposisie in Suid-Afrika kan vertolk, en dit is die Nuwe Nasionale Party.

**Pierre Rabie (Jnr)**

## *NP hoort nie in post-Apartheid SA*



EK VEREENSELWIG my glad nie met die NNP nie. Hierdie opinie is slegs versterk toe ek laas week Marthinus van Schalkwyk se toespraak in die Sanlamsaal bygewoon het. Van Schalkwyk kom voor as 'n uiters intelligente persoon met 'n wye kennis van die Suid-Afrikaanse politiek. Tog inspireer hy my nie. Ek hou van hom, is daar niks wat my aangryp nie; niks wat vir my sê: "Hier is 'n man op wie ek kan vertrou. Hy sal na my belange omsien."

Alhoewel ek op vele gebiede met hom saamstem en self ook 'n twee-derde meerderheid vir die ANC in die Nasionale Vergadering vrees, sal ek nog steeds nie vir hom en sy party stem nie. Oor die laaste vyftig jaar het die NP wêreldwyd sinoniem geraak met apartheid. Deur bloot "Nuwe" tot hul naam toe te voeg, 'n logo te ontwerp en 'n paar swart en kleurling verteenwoordigers aan te stel, het die party nie verander tot een wat hoort in die post-Apartheid Suid-Afrika nie. Die woord wat hulle die beste beskryf is "tired".

Die NNP klou bloot aan sy posisie as regerende party in die Wes-Kaap en hoofopposisie in die parlement. Hul slagspreuk "Hou die Wes-Kaap" spreek hiervan. Die NNP sal bloot die *status quo* handhaaf. Watter verbeteringe het hulle oor die laaste vyf jaar in die Wes-Kaap ten opsigte van misdaad, bendeoorlog en stedelike terreur aangebring? Soos baie ander mense stem ek in dié verkiesing téén iets en nie vír iets nie. Om 'n twee-derde meerderheid vir die ANC te ontsê, is my enigste oogmerk. Jammer Marthinus, jou party is nie vir my nie.

**Anoniem**

## *Studente se organisasie bring universiteit in verleentheid*

STUDENTE se swak organisasie het al verskeie kere die universiteit in die verleentheid gebring. Hier is twee voorbeelde daarvan:

Die 1998 SR-fotokompetisie, wat in Mei van dié jaar sou plaasvind, is herhaaldelik uitgestel en het uiteindelik in Augustus plaasgevind. Niemand het geweet wanneer die uitstalling plaasgevind het nie en die deelnemers is nie na die opening genooi nie. Verder het baie van die foto's en negatiewe verdwyn.

Na 'n lang soektog is agtergekom dat die foto's by die organiseerder – die vorige SR-lid vir kultuur en huidige prim van Wilgenhof – is. Hy het beloof om die foto's na die SR-kantoor te bring, maar net 'n gedeelte van die ongeveer 70 fotos was daar, ten spyte daarvan dat die beweer is dat AL die foto's daar geplaas is. Die twee maatskappye wat die fotokompetisie geborg het, is oorval met navrae oor die foto's wat verdwyn het. Hulle was ontevrede met die swak organisasie, want hulle het die foto's beoordeel en terugbesorg.

Verder het hulle geld verloor vanweë verlore advertensies en is twyfel of hulle weer so 'n kompetisie sal borg. Nòg Nato Zondagh nòg die vorige en huidige SR het enige moeite gedoen om die foto's op te spoor. Daar is nog vyf foto's in die SR-kantoor. Enige deelnemer wat foto's verloor het, laat asseblief jou naam, telefoonnommer en adres in die SR-kantoor, sodat ons die saak verder kan voer.

Die tweede geval is die Maties FM Konsert wat in die Ou Konservatorium op 14 April gehou sou word.

Dit was lankal met die konservatoriumstudente gereël. Maar daar was geen advertensies nie – slegs 'n beriggie in die *Stellenbosch Gazette* van 13 April. Gevolglik is daar te min kaartjies verkoop. Die dag voor die konsert (13 April) is die hele ding gekanselleer en die konservatoriumpersoneel moes die musiekstudente inlig van die kansellasie.

Die vraag is: Is sulke organisasie aanvaarbaar of nie?

**Musiekliefhebbende Fotograaf**

## *'Swak' Bosch* bouncers

Vele klagtes is al deur studente geopper oor die swak en onprofessionele optrede wat deur die *bouncers* geopenbaar word. Die meeste klagtes is egter van manstudente tussen die ouderdomme van 18 en 22 jaar. Die klagtes varieer van persoon tot persoon en is nie beperk tot slegs een tipe nie.

Die optrede van die *bouncers* buite die klub, veral, neig na dié van 'n groepie kleuters met 'n oormaat testosteroon, wat nie weet wat om met hulle nuutgevonde 'magsposisie' te maak nie. Kliënte van die klub word in die rye buitekant geteister deur die *bouncers*, deurdat hulle verbied word om met die vriende te praat; daar word ten opsigte van geslag gediskrimineer teenoor manstudente en identiteitsdokumente word op 'n inkonsekwente wyse aangevra.

Uiteindelik gaan die klub daaronder ly, aangesien studente al so gatvol is vir die swak optrede dat hulle weier om die klub te besoek, alhoewel hulle dink dat dit eintlik 'n lekker plek is. Daar word veel eerder na ander plekke gegaan waar die *bouncers* jou nie behandel soos 'n mens hanteer. Die bestuur sal òf die *bouncers* moet regruk òf van hulle ontslae raak, want hulle kan en gaan nog vele aande vir ordentlike Bosch-gangers bederf.

**JJ Nel (verkort)**

### KLAGTEPROSEDURE

Indien enige leser 'n klagte het dat *Die Matie* nie op ewewigtige, eerlike en objektiewe wyse rapporteer nie, of meen dat die menings uitgespreek in *Die Matie* nie onderwerpe oor godsdienstige en kulturele sake met omsigtigheid hanteer nie, kan 'n klag gelê word by die Studenteraadslid vir Media.

*Die Matie* is onderhewig aan 'n gedragskode wat beskikbaar is by die Studenteraadslid vir Media. Alle klagtes word deur 'n regsdosent ondersoek, waarna *Die Matie* voor die Mediaraad kan verskyn.

# Kampus *kalender*

**11 EN 12 MEI**

Endler: US-koor olv Sonja van der Walt

**9 - 14 MEI**

Monica-week

**13 MEI**

Praatjie oor huurkontrakte om 13:00 in die Vroueverenigingsaal.

**14 MEI**

US Simfoniese Blaasensemble olv Andries Smit saam met die Tygerbergse Stadskoor om 20:00 in die Endler

Erica kultuuraand

Wilgenhof huisdinee

Hippokrates huisdans

**15 MEI**

Erica Damesdag

Erica Seniordans

Nerina Seniordans

**16 MEI**

Konsert ter herdenking van Melanie Horne met musiek van Johan Cloete om 20:15 in die Endler

**17 MEI**

Eksamenure by JS Gericke-biblioteek begin

**18 MEI**

Internasionale Museumdag

**20 MEI**

Sounds of Autumn Music Festival om 20:30 in die Endler

**22 MEI**

IGEI Academic Session: How will the Y2K problem affect our environment?

**23 MEI**

US Simfonieorkes olv Eric Rycroft speel Romantiese Skandinawiese Musiek om 20:15 in die Endler

**25 – 29 MEI**

*The war of the worlds* – physical theatre. 20:15 in die HB Thom-teater

**NOG TOT 26 MEI**

Uitstalling in die US Kunsgalery georganiseer deur die Departement Beeldende Kunste

**NOG TOT 20 JUNIE**

*Die betowerende Namib soos gesien deur 'n Switserse lens* in die Sasol Kunsmuseum

**NOG TOT 27 JUNIE**

*Christo Coetzee: 70 in die Sasol Kunsmuseum*

# Sounds of Autumn is a classical tribute to the season

SOUNDS OF Autumn will be celebrated in the Endler Hall on Thursday, May 20 at 19h30. Gifted musicians, singers and dancers will join forces to charm the audience with a music production ranging from classical music to Irish folk music. Complete with an art exhibition by the university's visual arts students, Sounds of Autumn is an occasion not to be missed.

A benefit evening in aid of Prochorus Community Developments, the Sounds of Autumn concert offers members of the public the rare opportunity to contribute to the well-being of others while being treated to a creative feast.

Prochorus Community Developments is a non-profit organisation which has been active in the Stellenbosch area for four years. With access to a wealth of human resources – a large pool of volunteers with diverse skills and expertise – Prochorus has impacted significantly on the community in recent years.

To expand their work in the community, they rely heavily on the public's financial support of their projects. Two such programmes are their Computer Literacy Project and the School Gardening Programme.

Through the computer literacy project, Prochorus strives to give as many children as possible the opportunity to receive basic computer training. By recycling and reconfiguring old computers, Prochorus wants to provide each school in the disadvantaged communities not only with a computer training facility, but also with computer instructors who will share their knowledge free of charge.

The objective of the school gardening programme is to introduce gardening as a tool for food production at schools. The programme aims to instill qualities such as self-reliance, dedication, a sense of ownership and the acceptance of personal responsibility.

For more information about Prochorus Community Developments, contact Andries van der Merwe at 082 338 5730.

Tickets for "Sounds of Autumn" (R30 per person) are available from the Shophar Christian Church office (Tel: (021) 887 1414). Tickets are also available from Kleine Marie Florists in the Eikestad Mall, Nouveau Confectionary and Comfort Zone in the Neelsie.

## IN 'N AKKERDOP

• **THE ENGLISH** Society's Medieval Feast will take place on Friday 21 May. It starts at 19:00 at the Bergzicht Herehuis next to Rustic café. You need to dress medieval. Ticket prices are R30 if you take English as a subject and R45 if you don't. Tickets are for sale this week in the Neelsie between 12:00 and 13:30. No tickets will be sold at the doors.

• **DIE SENTRUM** vir studentevoorligting (SSV) is tans besig om sielkunde-interns (M-studente besig met hulle praktiese jaar) op te lei om inligtingsessies oor VIGS aan te bied.

Prims is welkom om die SSV te kontak indien hulle so 'n inligtingsessie by hulle koshuis aangebied wil hê.

• **MONICA-WEEK**, volgens 'n HK-lid die mees dinamiese en aktiewe sewe dae op die Monica-kalender, vind hierdie week plaas. Monica vier vanjaar haar 73ste bestaansjaar en 'n hele week van uitlopende aktiwiteite is beplan tot en met die verjaarsdag op die 14de Mei.

Die aktiwiteite sluit in 'n kultuuraand, Mnr en Mej Monica, 'n laataand pajama-fliek, 'n *pool*-kompetisie, 'n poker- en sigaaraand en 'n sjampanje-ontbyt.

Die berugte Nonneloop sal ook gedurende hierdie week plaasvind

• **NERINA** het die *down-downs* teen Monica gewen wat op 6 Mei in Die Bosch gehou is.


# ATTENTION ALL STUDENTS!

You've heard about it! Your friends have done it!
Now it's your chance to do it!

**Work, Travel, Play through the USA during your Christmas holidays**

Have fun, earn money and travel with friends • The choice of the jobs at the BEST ski areas and resorts around the USA • Guaranteed job offer before you leave home OR find your own! • The BEST total package, price, insurance and support!

FOR AN ADVENTURE OF A LIFETIME
CONTACT:

TEL: 011 783 0544
FAX: 011 884 8160
EMAIL: ccusa@mweb.co.za
WEB SITE: workexperienceUSA.com
WEUSA, SUITE 232, POSTNET X9916,
SANDTON 2146, JOHANNESBURG

Work EXPERIENCE USA

# Swerfwagte wil misdadigers afskrik

*Die studente wat as swerfwagte die Groen Roete patrolleer, vervul 'n belangrike rol. Jeanni Andrag verduidelik hoe hulle te werk gaan.*

ADRI Bradbury is in Augustus 1998 aangestel as beskermingsdienstebeampte van die universiteit. Kampusbeheer het daarna ophou bestaan en die USBD het hulle take oorgeneem. Dit het veral drastiese veranderinge teweeg gebring in die nagwag- en swerfwagdienste.

Ten einde 'n swerfwag of nagwag te wees, moet die aansoeker aan 'n paar vereistes voldoen. Eerstens moet die persoon 'n student by die universiteit wees en moet hy of sy 'n opleidingsessie bywoon.

Indien daar 'n pos beskikbaar is, moet hy of sy 'n vraelys aangaande hul ondervinding en ander besonderhede beantwoord. Die USBD is baie trots daarop dat hulle streng volgens die nuwe Arbeidswet te werk gaan en dat daar geen diskriminasie in die keuringsproses plaasvind nie.

Die stelsel het altyd uit vyf groepe bestaan, maar met die onlangse uitbreiding van die Groenroete is die groepe Foxtrot en Golf by die bestaande groepe Alfa, Bravo, Charlie, Delta en Echo gevoeg.

'n Groep bestaan uit 'n leier, wat volgens senioriteit en ondervinding aangestel word, en ongeveer sewe lede en twee bystandlede. 'n Nuwe wag word eers as bystandlid aangestel waar sy of haar optrede gemonitor word, en kan later permanent aangestel word.

Elke groep verdeel twee-twee, gewoonlik twee mans of 'n man en vrou, en volg 'n vasgestelde roete. Hulle bly in verbinding met mekaar deur middel van radio's. So word die hele kampusarea gedek vanaf 21:00 tot 01:00 weeksdae en naweke van 22:00 tot 02:00.

Daar is ook nege permanente beamptes wat in vier skofte per aand verdeel. Een van hierdie beamptes bly die hele aand by die hoofkantoor en reageer op noodsendings en ontplooi bystand waar nodig. Twee patrollievoertuie, een met 'n honde-eenheid, is ook beskikbaar. Hulle is egter nie daar vir die aflaai van studente nie, maar sal wel in 'n dringende situasie help. Baie studente sê egter hulle voel steeds onveilig, want hulle dink nie die wagte, wat deesdae ook vroue is, sal hulle fisies kan beskerm nie.

Die swerfwagte se hooffunksie word egter verkeerd vertolk. Hulle doel is om deur hul teenwoordigheid misdadigers af te skrik en indien daar 'n voorval soos diefstal of aanranding plaasvind, dadelik bystand te ontplooi wat binne enkele sekondes op die toneel is. Die sukses van die swerfwagte en nagwagte lê in hul benadering van voorsorg is beter as nasorg. Hulle het al tientalle voorvalle suksesvol hanteer en nog meer voorkom net deur hul teenwoordigheid.

Volgens een van die swerfwagte, Pierre du Bois, loop hulle per aand ongeveer 15-20km soos hulle die Groen Roete patrolleer. "Ons loop en gesels en geniet die vars lug en oefening. Dis 'n goeie manier om stres te ontlaai."

Hulle doen gewoonlik ses tot agt skofte per maand en word R12 per uur betaal. Die swerfwagte het 'n goeie verhouding met die USBD, maar aangesien hulle al jare R12 per uur betaal word, is dit "tyd vir 'n salarisverhoging".

Probleme wat hulle ondervind is ongure weer en die gevaar van wraakaanvalle wat sommige bendes moontlik op die swerfwagte kan uitvoer. Die gevaarlikste roete is Banhoekweg vanaf Pick 'n Pay tot by Goldfields oor Concordia se parkeerarea.

Voorstelle is welkom en kan aan die SR of USBD self gerig word.






## St Paul's offers real food at The Bible Talks

THE SLOGAN of the St Paul's Society, a campus society which is connected to St Paul's Evangelical Church in Banhoek Road, alludes to Jesus' words: "Man does not live by bread alone."

At St Paul's these words are taken very seriously.

Since the beginning of 1999, "food" has been offered on campus at The Bible Talks. The title is deliberately ambiguous and refers firstly to the talks themselves which are held every Thursday at 13:00 in the Van der Sterr Hall in the Van der Sterr building.

The title also refers to the fact that the Bible talks to us today. St Paul's affirms that the Bible is not just a collection of Ancient Near Eastern history and letters from first-century Palestine, but that it is God's word through which he speaks to his world.

The Bible Talks explain the Bible clearly and simply so that God's voice can be heard today.

This semester, the issue of true spirituality is raised as Paul's first letter to the Corinthian church is explained.

Rather than face Thursday lunches alone, join The Bible Talks and enjoy some real food. (As you can see on the logo.)

For more information or details, contact Ludwig at 887 2669 or e-mail him at ludwiga@ilink.co.za.

## Studente omgekoop in ontwikkelingsweek

*Corelia Erasmus*

DIE STUDENTEONTWIKKELING portefeulje van die studenteraad het tydens die week van 3-6 Mei 'n ontwikkelingsprojek geloods. Daar is gepoog om studente se ontwikkelingsbehoeftes te bepaal en self so 'n bietjie ontwikkeling aan die gang te sit.

Die week het afgeskop met 'n uitstalling in die Neelsie oor die portefeulje se bedrywighede en pogings tot ontwikkeling van studente. Die *Ontbos*, inligting oor aansoeke vir erekleure, asook die SSV en AOP is bekend gestel.

### Gratis sjokolade

Een van die suksesvolste pogings was die uitreiking van vraelyste verlede Dinsdag in die Neelsie en by koshuise. Studente kon 'n sjokolade verniet kry wanneer hulle 'n vraelys invul. Dit was duidelik dat studente omkoopbaar is met sjokolade.

Die antwoorde oor die ontwikkelingsbehoeftes van studente sal eersdaags verwerk word. Die inligting sal gebruik word as basis vir die portefeulje en toekomstige groei, aangesien dit vanjaar 'n nuwe fokuspunt van die studenteraad is.

Prof Willie Esterhuyse het ook gedurende die week opgetree as gasspreker. Hy is 'n uitdagende spreker wat 'n nuwe perspektief op Suid-Afrika en die land se huidige posisie aan jongmense gee.

Die gehoor het aan sy lippe gehang met sy bespreking oor sy idees van Suid-Afrika en hoop vir die land. Die bespreking het gestrek vanaf 'n balansstaat van Suid-Afrika se bates en laste (letterlik en figuurlik), tot die maanlanding in 1969.

Esterhuyse het ook kommentaar gelewer oor die universiteit en die verdeling van nasionale bates en bronne in die lig van Suid-Afrika se huidige situasie. Die kern van sy boodskap oor bespreking was, "If you can dream it, you can do it."

Die aand is afgesluit met 'n vingerete in die Bloukamer wat die gehoor entoesiasties bygewoon het.

## Me Matieland besoek sentrum vir gestremdes

DIE MONTELLO Me Matieland komitee het Vrydag 16 April die Stellenbosch Werksentrum besoek. Dit is 'n beskermde werksentrum vir volwassenes met beperkte verstandelike en/of fisiese vermoëns.

Die werksentrum bied gestremdes die geleentheid om 'n werkersrol en 'n gebalanseerde lewenstyl te handhaaf. Sonder die werksentrum sou verskeie gestremdes 'n ongestimuleerde en eensame lewe hê en hul families sou waarskynlik nie hul ekonomiese verpligtinge kon nakom nie.

Die tipe werk wat verrig word, bestaan uit arbeidsintensiewe aktiwiteite van enige aard binne die vermoëns van die werkers en beskikbare fasiliteite. Dit sluit kontrakwerk soos sortering en verpakking vir die fabrieke van Simonsberg en Foschini in, die verpak van posstukke vir JPS Trust en die Stellenbosch Sakekamer asook die vleg van wildekranse. Daar word ook handgemaakte papier, brandblokke en rottangmandjies vervaardig.

Alhoewel MGD en die US die sentrum bystaan met administratiewe hulp, word 25% van die bedryfskoste gedek deur 'n staatsubsidie en 50% word gegenereer deur die werk en dienste van die gestremde werkers. Voorts is die sentrum afhanklik van donasies.

Die komitee het 'n opname onder die werkers self gemaak ten einde te bepaal wat hulle nodig het. Matte en verwarmers is 'n groot behoefte. (Die sentrum is 'n groot skuur, die ou Lubbe skoenfabriek, en daar is geen matte of plafon nie.)

Daar is ook die behoefte om by die SA Atletiek Vereniging vir Gestremde Sport aan te sluit, aangesien baie van die werkers ook goeie atlete is. Die sentrum kan egter nie die fooi van R700 per jaar bekostig nie. Nuwe rystoele word ook benodig.

Die Montello Me Matieland komitee gaan in die res van die jaar poog om fondse in te samel ten einde die nood van die sentrum te help verlig.



**Hier is Montello Me Matieland, Rina Visser, en twee komiteelede, Sonja Swart en Ilse Uys, by van die sentrum se inwoners.**

Foto: Claudette Fourie

## Suksesvolle Ingenieursweek gehou

INGENIEURSWEEK, 'n jaarlikse week georganiseer deur die Ingenieurstudenteraad, het vanaf 12-17 April plaasgevind.

Met hierdie week het ingenieurstudente die gevolge van die berugte toetsweek 'n kolhou gegee.

Studente is vir 'n volle week daagliks vermaak met 'n middag- en aandprogram.

Vorige jare is slegs ingenieurstudente toegelaat, maar vanjaar was die aandprogram oop vir almal. Ingenieurstudente het egter afslag op toegangsfooie gekry met die toon van hul ingenieurskaarte.

Van die aktiwiteite wat plaasgevind het, was 'n Trollie Rollie, 'n *Indiana Jones*-triologie fliekmarathon, 'n dobbel- en sigaaraand, die Gorrelklub se kaas en wynaand, 'n *pool*-kompetisie, eiergooi en 'n karaoke-aand.

Skaakwedstryde en vlugbaltoernooie het ook daagliks plaasgevind.

Indien jy enige nuus vir Studentelewe het, kontak Jacolette by jk@diematie.sun.ac.za.

FREE!




FREE COLOUR FILM AND PHOTO ALBUM WITH ANY COLOUR 35MM FILM BROUGHT IN FOR DEVELOPING AND PRINTING

AUDIOLENS
EIKESTAD MALL
SHOP 132 UPPER LEVEL
STELLENBOSCH
TEL: 887 8007



**Afrikaans klim uit die kas uit!** Die Fopdosaand, wat op 29 April in Dada's plaasgevind het, was 'n inisiatief van die Afrikaanse Studiekring (ASK) in samewerking met die SR-kultuurkomitee. Die funksie het interessante karakters en uitrustings opgelewer, van 'n kwasi-Evita tot 'n paar Mafia-lede, sigare en al. Hier is 'n paar van die karakters wat opgedaag het.



THE TRADING ROOM

KONTAK
Dawie Liebenberg
Willem Botha
Daan de Wet

887 1041/2/3

Die BESTE tyd vir beleggings in AANDELE is NOU!!!

KAMPUS
RYNEVELD
VICTORIA
PARKEER
ANDRINGA
EIKESTAD MALL

Andringastraat 62, Stellenbosch
Faks: 887 1044
E-pos: rmdbosch@hotmail.com









# *Grafwater* verower die Slurpieprys by die KKNK



Mandy Rossouw

*GRAFWATER* is die breinkind van vier Stellenbossers – Samantha Pienaar, Hugo Theart, Jaco Bouwer en Christine Truter. Al vier is of was studente by die universiteit se dramadepartement.

Die produksie het ongelooflike sukses by die Klein Karoo Nasionale Kunstefees behaal en het die *De Kat* Slurpieprys ingepalm. Die Slurpie word toegeken aan die beste nuwelingkunstenaars op die Rimpelfees en die *Grafwater*-span het dit voor die neuse van gevierde kunstenaars soos Alexa Strachan (*Die volmaakte man en ander mites; Susters van Eva*) weggeraap. 'n Paar vrae is gestel aan hierdie klomp wat onlangs weer in Stellenbosch opgetree het.

**Hoe is julle op Oudtshoorn ontvang en watter invloed het die Slurpie nou op die produksie?**

Ons het gegaan en nie eintlik veel verwag nie want die *show* is nie 'n *showstopper* nie. Mense was die eerste aand effens skrikkerig, omdat dit onduidelik was waaroor die *show* gaan, aangesien hulle nooit voorheen van ons of die stuk gehoor het nie. Mense weet nie presies wat hulle gaan kry nie. Dit was veral vir die Afrikaanse gehore baie vreemd, maar het tog *appeal* tot verskillende ouderdomsgroepe, wat nogal verbasend was. Iemand by die *Krit* het baie daarvan gehou en ons is op die Top Tien-lys geplaas. Dit was nogal 'n skok toe die *De Kat*-mense bel en sê ons is op die kortlys vir die Slurpie.

**Wat is die idee agter die stuk en watter temas word aangespreek?**

*Consumerism* is definitief 'n deurlopende tema, met die gebruik van kartonbokse vir dekor en rekwisiete om die *sky-line* (van die stad wat op die verhoog voorgestel word) te bou. Verder is die stuk 'n *creation of identity* en dit word op verskillende plekke en verskillende maniere en vlakke aangespreek. Dit is die skrywer wat die karakter skep en later die karakter wat homself skep en vorm.

Die hoofkarakter *interact* die heeltyd met die skrywer, maar aan die einde van die stuk spring hy tog van die verhoog af en pleeg selfmoord.

**As 'n mens dan terugkyk, het hy 'n redelike vaal en gebeurtenislose lewe gehad, maar tog is hy die hoofkarakter in 'n toneelstuk. Wat probeer julle daarmee sê?**

Ons het eintlik met 'n basiese storie begin en allerhande temas het daaruit ontwikkel. Ons almal leef eintlik maar *insipid* lewens, maar aan die einde is dit tog vir ons, die mense wat hierdie lewens lei, belangrik. Baie dinge in die stuk word anders gesien deur verskillende mense, so aan die einde gaan dit oor interpretasie en elke karakter skep aan die einde sy eie storie, soos elke mens sy eie lewe skep. Dit wys ook die eksterne goed uit wat die hoofkarakter gebruik om van sy eie lewe sin te maak. Sy onbelangrike lewe het in 'n kwessie van 'n klompie minute belangrik geword deurdat dit nou die middelpunt van 'n verhoogproduksie geword het.

**Daar is nie werklik 'n klimaks in die storielyn nie. Wat het die storielyn probeer uitwys oor die mens en sy situasie in hierdie wêreld?**

Die hoofkarakter het sy idees oor die stadswêreld geskep deur dít wat mense vir hom gesê het, en so het hy probeer om sy situasie te ontleed in terme van wat belangrik is en wat nie. Die karakters wat enige skrywer skep, weerspieël onvermydelik 'n deel van die skrywer self en jy groei saam met die karakter deur jou interaksie met hom. Daar is tog 'n skeidslyn tussen hierdie twee identiteite en die wrywing hiertussen en die ironie van die situasie word in die stuk bevraagteken en geanaliseer.

Fisieke teater word uitgebeeld deurdat akteurs self fisiese objekte voorstel waarteen die karakter hom konstant vasloop. Die storielyn is siklies en die begin word gereflekteer in die einde. Die hoofkarakter kom in die groot stad aan en sien al die nuwe dinge en met die *mock suicide* het hy gedink gaan mense hom uiteindelik raaksien. Aan die einde besef hy egter dat sy selfmoordpoging niks verander aan sy situasie nie en dat hy steeds so onbekend is soos voorheen.

**Was daar enige verskille tussen die ontvangs en ervaring van die stuk by Stellenbosse gehore in vergelyking met dié by Oudtshoorn?**

Op Oudtshoorn het die gehore die humor meer raakgesien terwyl die mense hier dit in 'n effens meer ernstige lig bejeen. Die humor word op 'n baie meer akademiese wyse beskou sien en die stuk word daarvolgens analiseer. Daar is baie komiese momente wat ons ingesit het, maar die mense weet nie werklik of hulle moet lag en of dit snaaks is nie.

**Is die stuk iets wat net in Suid-Afrika opgevoer kan word?**

Ons werk met emosie meer as met taal en taal word in 'n baie breër sin gesien. Lyftaal is byvoorbeeld 'n medium wat veel verder as 'n sekere gehoor in 'n sekere land strek en vir meer as mense in net een land kan sin maak.

Vir die *Grafwater*-span lê moontlike optredes by die Potchefstroomse Kunstefees – Aardklop – in September en verdere optredes in die Wes-Kaap voor.



7

Stellenbosch

Wednesday to Saturday

8pm till late

Eikestad Mall

# Cheesy Chucky gets lucky but the viewer doesn't

**FILM**
Bride of Chucky
**Starring**
Jennifer Tilly, Katherine Hiegl and Nick Stabile
**Director**
Ronny Yu
**Rating**
**



*Melanie Daly*

A COMBINATION of Rob Zombie, *Murder She Wrote*, psychotic dolls and John Ritter could only spell one thing: cheesy. The latest of the *Child's Play* movies, *Bride of Chucky*, surpasses its predecessors by redefining the word tacky. It encompasses everything from exceedingly bad size and rubber puns during the first only doll sex-scene to ever come to the screen, to cameo appearances of Freddy Kruger's blades and Jason Voorhees' hockey mask in police evidence rooms.

In its defence: the movie does not even try to be a good viewing experience. It knows it is bad and capitalises on this fact to create more of a comedy B-rate horror flick than an actual serious thriller. Although, how fear-inspiring a movie about two mentally deranged, crackpot dolls is, is open to debate.

Basically, the story is about Tiffany, Chucky's previous love interest, who resurrects the little Good Guy doll during a do-it-yourself voodoo ritual, complete with a user manual entitled *Voodoo for Dummies*.

When the sadistic little toy refuses to marry her, she imprisons him in a playpen with a new friend, a bridal doll who recites wedding vows. A highly irate Chucky escapes from his colourful jail and promptly electrocutes Tiffany by throwing the TV into the bath. Once again, using the *Voodoo for Dummies* manual, Chucky transfers Tiffany's soul into the bridal doll. Together they plan a excursion of blood, guts and gore across the border to New Jersey with two unsuspecting, eloping teens.Their plan is to find an amulet which will deliver their souls back into human bodies. This begins a trip of carnage, violence, doll sex and wedding vows which escalates in cheesiness and eventually ends with the prerequisite tacky twist common to such movies.

Other highlights include Chucky and Tiffany getting stoned, Chucky chewing a ring off a severed finger before proposing, Alexis Arquette as a goth wannabee having his lip ring ripped out and John Ritter having nails embedded into his face.

*Bride of Chucky* is good for a couple of hours of senseless entertainment, but as a thought-provoking psychological thriller it fails horribly and proudly. Overall it is a mindless piece of cheese.

# A war of the worlds is set to rage in Stellenbosch

THE CLASSIC science-fiction saga, *The War of the Worlds*, by HG Wells, will be produced as a stage production at the HB Thom Theatre from the 25th to the 29th of May. It is the fantastic tale of a merciless alien invasion of the earth.

This unique production combines comedy with drama and technology with the human mind and body, in a live adventure of galactic proportions. The show promises an energetic cast, sensational effects and specially composed music for maximum dramatic impact.

*The War of the Worlds* is directed by Samantha Pienaar, a lecturer at the drama department

Tickets are available from Computicket and it is advised that patrons book in advance as there are only five shows.



**Vir die eerste keer bied die US se Departement Beeldende Kunste 'n graffiti-tentoonstelling, *Writing Religiously*, aan. Die werke van die Kaap se ses beste graffiti-kunstenaars is te sien. Die spanne kunstenaars, TVA (The Villainous Animatorz) en YMB (Your Millennium's Best) se kleurvolle skeppings bevat 'n wye reeks beelde so verskillend soos hul titels – van "Strawnana" tot "Happy Birthday, Madiba". Dié tentoonstelling by die US Kunsgalery sal duur tot 26 Mei.**

# Ginkelsnoek se lewe anderkant die *longdrop*

**BOEK**
Annerkant die Longdrop
**Outeur**
Anoeschka von Meck
**Uitgewer**
Queillerie-Uitgewers
**Sterre**
***

*Sloot Celliers*

ANOESCHKA von Meck se debuut *Annerkant die Longdrop* handel oor 'n vrou, Ginkelsnoek, se soeke na baie dinge uit die verlede en hede en die toekoms in.

Haar soektog begin op Stellenbosch waar sy studeer saam met haar twee susters. Dis 'n holderstebolder studentelewe wat draaie maak in Finlay's, die Neelsie en Simonsberg. Sy word telkens teruggevoer na haar kinderjare – 'n tyd toe sy nog heel was. Hier word haar lewe hoofsaaklik gevul deur haar oupa, ouma, ma en pa. Dis hierdie heelword waarna sy weer op soek is, na "hom" wat haar moet heel maak (wie ook al hy is).

*Annerkant die Longdrop* is volledig 'n boek vir ons tyd en Anoeschka von Meck se unieke skryfstyl is 'n vars stem in die Afrikaanse letterkunde. Die bladsye wemel van skitterende beskrywings en is beide skreeusnaaks en pynigend hartseer. Die storie voer jou mee omdat dit so eerlik, reguit en eenvoudig geskryf is. Ginkelsnoek maak woorde waar daar nog nie voorheen woorde was nie en skep haar eie, unieke Afrikaans.

Hierdie roman het besonder sterk kultuspotensiaal en is baie vergelykbaar met *Griet Skryf 'n Sprokie*. Die boek was 'n finalis in 1997 se groot *De Kat* romanwedstryd.




Die Stellenbosse Student '99

**Sluit aan by die redaksie van die universiteit se amptelike jaarblad.**

Aansoekvorms is by die SR-kantoor beskikbaar.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 26 Mei 1999.
Vir meer inligting, kontak die redakteur by 808-3539 of michael@diematie.sun.ac.za.


# A night of vampires and goths

*Anita Barnard*

VAMPIRES, blood, satanism and evil are just a few of the words that come to mind when people think of gothic, metal or any subdivision of these dark music genres. Nothing of the *Dark Nights* concert held in Springbok Pub did much to dispel that image, until one realised that it is nothing more than that: an image.

The lead singer of VOD was clad in a white toga-like outfit that was soon smeared with blood. In addition to this, lyrics such as "Take your holy water away from me, it makes me burn", made one wonder whether it was all a show. But the audience was made up of the usually normal-looking people that hang out at Garage and this made the evening seem less intimidating.

For an outsider to the metal scene, the music would not make much sense: a person frantically banging away at double-bass drums, another straining his guitar to get the most distorted sound from it and the lead singer just occasionally peeping out from a curtain of hair to scream some incomprehensible lyrics usually related to death, Satan, anger or any other dark-side topic. In response, the "mosh pit" goes wild and hair is flung in all directions.

This type of music cannot not be classified as easy listening or accessible, therefore the following in South Africa is underground and very small. Venues are hard to come by and events like *Dark Nights* are about as rare as vampire bats with false teeth. For followers, who usually have to be content with commercial club music, the event provided relief, catering for their "real" music, death metal.

VOD was the main offering of the evening, playing their rather old songs that have received recognition in countries such as Germany, America and Sweden. Their status as one of the most hardcore metal bands in South Africa was evident from the crowd response and their uninhibited stage performance.

Grämlich also had a very aesthetically stimulating performance, as the stage was decorated with candles and black cloth to create a very gothic atmosphere. Although they classify their music as black death metal, it tends to lean a bit more towards the gothic sound.





Despite the fact that their style was slightly different to that of the other bands, they still did not offer much in variety and their performance was rather dull, as the lead singer almost never looked up. Stellenbosch band Slayride also didn't offer much in variety and their performance was not very tight.

The only band that actually seemed to be enjoying themselves was Neshamah, a very young group from Cape Town. The lead singer displayed a type of energy that the other bands must have lost while taking themselves too seriously.

When the post-Bosch party moved on to the Springbok Pub, it was as if the sun had come up over the Vampire-clad crowd and the metal went underground again.

# A mighty friendship of fantasy

**FILM**
The Mighty
**Starring**
Sharon Stone, Kieran Culkin, Elden Henson
**Director**
Peter Chelsom
**Rating**
****



*Jacques Braamse*

BASED on the best-selling novel *Freak the Mighty*, this movie is a well-rounded production, characterised by sensitive performances which are certain to touch all audiences.

The tale may follow the well-trodden triumph-over-adversity storyline, yet *The Mighty* is everything but the bland tear-jerker that one would expect of this genre. Brimming with humour, emotion and humanistic intelligence, it elicits all the appropriate responses without resorting to cheap sentimentality.

Max (Elden Henson) is a seventh grade giant cursed with limited literacy skills and subject to the cruel taunts of his peers. Kevin (Kieran Culkin), on the other hand, has a debilitating disease which renders his legs virtually useless, yet he is incredibly bright and willing to speak his mind, often to his own detriment.

Together, these two outcasts form an incredible team seeking refuge from a reality they cannot change. In their imagined world, the boys are knights who embark on the typically Arthurian quests of slaying evil dragons, saving damsels in distress and generally righting wrongs. Although the pair's real life relationship is doomed from the start, the created legend epitomises their hope above their dread.

With the central narrative focused on Max and Kevin, the film relies heavily on the strength of its youthful leads and the audience is not disappointed for a moment.

In this moving portrayal of childhood friendship, Chelsom captures the essential dynamics of their relationship and effectively conveys their sense of empowerment. Sharon Stone delivers a memorable performance as Kevin's mother. She exhibits strength and compassion, as well as emotional vulnerability in a role that far surpasses any of her previous work. The cast also includes excellent cameos from Gillian Anderson, Gena Rowlands and Dean Stanton.

Although lacking the adrenaline-tainted explosions or breath-taking stunts of an action movie, the film is full of surprises. It is able to switch effortlessly from pathos to humour and from moments of tragedy to peaks of triumph. Truly inspirational and heartwarming, *The Mighty* exudes a unique and refreshingly honest ambience which indicates that low-budget does not necessarily mean low quality.

# Die Namib se asemrowende sand

*Rayna Leibbrandt*

HANSRUEDI Büchi se uitstalling van foto's van die Namib bestaan uit 'n asemrowende versameling beelde van dié woestyn in al sy natuurlike ongereptheid en asemrowende skoonheid.

Die Namib, een van die biologies rykste maar tog ook droogste van die woestyne op aarde, word deur indrukwekkende gebruik van lig en kleur deur die fotograaf uitgebeeld. Die duine verkry amper antropomorfiese eienskappe, en komplekse patrone en kontraste word onthul. Die foto's wissel van lewensgetrou tot amper abstrak en 'n mens kan maklik die eindelose duine in jou geetesoog visualiseer. Mens word deur die ontsagwekkende landskappe oorweldig en jy kry 'n blik op die nietigheid en sterflikheid van *homo sapiens* in die kontras met die magtige woestyn. Die speelse gebruik van kontras en tekstuur verleen 'n eietydse resonansie aan hierdie unieke versameling. Büchi slaag ook daarin om die eienaardige mengsel van krag en weerloosheid van die Namib suksesvol in sy foto's uit te beeld en mens word weer van vooraf bewus van die noodsaaklikheid van die bewaring van so 'n natuurerfenis.

Die uitstalling sal 'n uitstekende bekendstelling wees aan diegene aan wie die Namib nie bekend is nie en 'n heerlike terugblik verskaf aan hulle wat al eerstehandse ervaring het van hierdie unieke area. Die foto's bied nie net 'n wandeling in die woestyn nie, maar ook 'n heerlike toer vir die gees.

Die uitstalling is tot 20 Junie in die Sasol Kunsmuseum te sien.



# Miskien word die liefde onthul

**BOEK**
Liefde, Miskien
**Digter**
Herman de Coninck (vertaal deur Daniel Hugo)
**Uitgewer**
Queillerie
**Sterre**
*****




*Carina Diedericks*

"Poësie"

Soos wat jy vir 'n siek dogtertjie sê:
My miniatuurmensie, my
selfgemaakte
verdrietjie, en dit help nie;
soos wat jy 'n hond op haar warm
voorhofie
lê, so dun as sneeu gaan lê,
en dit help nie:
so help poësie

En so help hierdie poësie dan ook inderdaad. 'n Keur uit die Laelandse digter Herman de Coninck se werke is deur Daniel Hugo vertaal en gebundel in *Liefde, Miskien*. Meer toeganklike poësie kom 'n mens nie aldag teë nie. Die werk van De Coninck spreek van innoverende beeldspraak waarvan die gebrek aan pretensie die leser aan sy strot gryp en maak lees, luister en onthou.

Die liefde en digterskap is die twee oorwegende tema's van die bundel en elk word vanuit 'n legio perspektiewe bekyk. De Coninck se poësie kan egter bedrieglik wees – die komplekse woord word in 'n eenvoudswaan gehul. "En sy omhels hom toe met al haar" is tekenend van die skynbare eenvoud van 'n omhelsing waarvan die ware kompleksiteite egter blootgelê word:

En sy omhels hom toe met al haar
sonde en monde. En sy omhels hom
met al haar nagte. Met al haar
keer op keer. Met al haar altyd.

De Coninck se poësie skep die indruk dat hy in sy digterskap die vervulling en uitdrukking geniet wat in die liefde ontbreek – 'n smagting na liefde wat in digterskap tot uiting kom. Die gedig, "Poësie" uit die bundel *Zolang er sneeuw ligt* (1975), illustreer hierdie poging tot aanvulling:

As jy nukkerig inkruip onder die
komberse,
wil jy eintlik sê: kom lê by my.

As jy die deur agter jou toeslaan en
wegstorm,
wil jy eintlik sê: kom agter my aan.

En as jy sê: "ek het jou lief"
bedoel jy: "het jy my lief?"

Sien jy nou dat gedigte nodig is,
want as ek "ja" sou sê,
sou dit niks beteken nie.

Die gevaar in vertalings lê altyd daarin dat die essensiële kwaliteite van die oorspronklike teks versmoor word deur die beperkinge en eise wat die taalreëls en styl van die doeltaal moontlik daarop kan plaas.

In *Liefde, Miskien* het Daniel Hugo daarin geslaag om die unieke karakter van De Coninck se werk te behou. Boonop bied Hugo se vertaling (en sy talle ander uitstekende vertalings ook) aan die Nederlands-sku leser 'n poort na die wêreld wat opgesluit lê in die digkuns van die Laelande.

Met sulke produkte word die vennootskap tussen Nederlands en Afrikaans gekonsolideer – 'n wedersydse afhanklikheid word geskep.

# Get feverish at 7tease

*Karin Lombard*

AFTER a publicity blitz rivalling the hype surrounding the new *Star Wars* movie, 7-Tease Fever in the Eikestad Mall opened its doors towards the end of May. The resulting queue, which was maintained for most of the night, bore testament to the fact that the occasion was indeed a popular one. Many a Stellenbosch club has been characterised by a huge opening night, after which enthusiasm has quickly fizzled out.

At the moment, this does not seem to be the case, but the club has only been open for a little over two weeks and the novelty may not yet have worn off. Therefore it is still too early to make bold prophecies about its future.

The decor is decidedly – and not surprisingly – seventies with LP's representing hits of the decade adorning the walls.

Colour has been used interestingly, particularly on the ceiling. A very striking feature is the fascinating display of light at strategic points within the club. The lay-out of 7-Tease makes optimal use of space, unlike its predecessor, Cantina Tequila. This actually gives the illusion of a larger venue.

The club is well equipped, with a main, beer and cocktail bar, as well as very able DJ's, who play popular dance music ranging from 60's and 70's classics to present day hits. The dance floor provides a sufficient area for dancing, while the less active have enough space to enjoy some liquid refreshment.

A unique feature is the raised dancing platforms, which provide an interesting alternative to people who enjoy dancing on tables, and at the same time allow for an aerial perspective of the club and fellow dancers.

7-Tease Fever has a pleasant atmosphere and, although it is still strongly populated by first years, it does present the opportunity for older students to enjoy a night out.

The predominance of popular mainstream music, as opposed to rave, grunge and alternative, ensures that the venue is a welcome change to the existing Stellenbosch night life.


Wonderland Costumes
Costumes hire for parties, functions and productions
Costumes, wigs, masks, balloons, hats, etc.
Natasha de Villiers, 26 Van Zyl Str, Strand
Cell 082 9207161 Tel 8546408 Fax 854 8898

# The end of the world as we know it?

*As the year AD 1000 neared, speculation ran wild that it was the end of the world. A thousand years later and not much has changed.* ***Roy Havemann*** *looks at the predictions of Nostradamus and Siener van Rensburg.*

FORGET the Y2K bug. It will only be a slight hiccup in the scheme of things. With hailstones and fire descending from the heavens and the end of the world just around the corner, who cares that Windows cannot load?

Every prophet, foreteller and sorcerer worth his salt has had a go at predicting precisely when, where and how the world will end. For some reason, though, almost any prophesy that foretells the end of the world is shrouded in mysterious language and complex visions...

"It becomes almost impossible to work out how the prophecies of Nostradamus fit together, even if one has a vague idea of their meaning."



Michel de Nostradame

## Nostradamus

He is arguably the most famous prophet of all time. Up to now, his prophecies have been chillingly accurate. Yet that does not make it any easier to decipher what his prophecies mean, much less when he thinks the end of the world will be.

The man himself is not much of an enigma. Michel de Nostradame was born at midnight, 14 December 1503. His grandfather, himself a well-known astrologer at the time, gave him a thorough background in the art of divination. Later, the young Michel left home to study medicine, and became one of the leading doctors of his time. But his interest in the future never disappeared. Throughout his life he had visions, which he meticulously recorded.

Each of his visions was written in a code. Most of the events that he foretells are captured in a short quatrain (a four-line rhyme). To complicate things even more, he often uses anagrams, word plays and various images to hide the true meaning of the prophecy. Paris, for example, often appears as "Rapis" and kings were hidden behind their nicknames. He composed the verses in 16th century French, mixed with a curious dialect from Salon, where he lived most of his life.

The quatrains were grouped in hundreds (the "Centuries") and follow absolutely no pattern. Thus the group of quatrains dealing with World War II, for example, are scattered throughout his collection of prophecies. It becomes almost impossible to work out how the prophecies fit together, even if one has a vague idea of their meaning.

There are two particular quatrains which are usually associated with the end of the world. The first is perhaps the most foreboding, because it includes a date:

*L'an milnneuf cens nonante neuf sept mois,*

*Du ciel viendra le grand Roy d'effrayeur...*

[In the year 1999 and seven months,

there will come from Heaven the great "King of Terror"...]

Many Nostradamus researchers believe that the other, later quatrain predicts the end of the world to be at the close of the seventh millennium:

*...Sept mil ans autre tiendra sa monarchie*

*Quand le Soleil predra ses jours lassez,*

*Lors accomplir et mine ma prophetie.*

[..another will resume his 7000 year reign;

when the sun shall take up his days again,

then my prophecy will be accomplished.]

Most historians believe that the year 2000 is the *beginning* of the seventh millennium, if one accepts that there were approximately 4000 years before the birth of Christ and 2000 years since. Except for that King of Terror in July, it seems that we are safe for now. Well, at least until 2999...

## Siener van Rensburg



**Siener van Rensburg: seemingly perplexed visionary**

Nicolaas "die Siener" Janse van Rensburg was born in 1864 and died in 1926. As with Nostradamus, the majority of his predictions are about events that occured later in his lifetime.

Just before the beginning of the First World War, a rebellion against the ruling British broke out in the Western Transvaal. The role of Siener in the outbreak of the rebellion is not entirely sure, though. Many historians believe that he was one of the instigators. He was definitely very involved in the Rebellion later and became one of the leaders. His ability to foretell the enemy's movements was a great help during the early parts of the campaign.

Later, however, even his second sight did not make an impact. The rebels lost. Many people turned against Siener at this point because they believed he had "seen" that the Rebellion would not be successful, but still led them in their campaign.

In his later years, his visions increasingly were about the times after his death (which he also accurately predicted, down to how he would be found and his funeral).

He foretold the rise of the German nation again after they lost the First World War, and their subsequent loss in the second.

An ardent Afrikaner nationalist, he saw a time when the "Vierkleur weer sou wapper". Many saw the emergence of the Republic in the early sixties under Hendrik Verwoerd as the fulfilling of this prophecy.

His visions, though, become more and more vague as they move further and further into the future. The beginning of a Third World War will come after England has survived seven plagues. He describes them as: 1. The loss of the empire; 2. Financial dominance of America over England; 3. Blacks from her ex-colonies flooding in; 4. and 5. A famine and civil war; 6. The British navy floating pointlessly on the sea and lastly 7. "An English horse rider riding in the sea and being drowned".

One of the predictions regarding South Africa is that a "man in a brown suit" will lead the Afrikaner people and restore their nation. Once again, it is uncertain whether this might reflect what happened when the National Party won in 1948, or if it is still in the future.

## Whatever happens...

Not all the prophets have foreseen another world war or even the end of the world. Some "pop prophets" believe that there will be no war while some predict the Second Coming of Christ in the year 2000. As long as networked *Quake* still works, though, I am sure that whatever happens will not be that bad.

## Beyond 2000: Modern prophecies

COUNTLESS other aspiring prophets have tried their luck at predicting the future. *Die Matie* selected a few:

### Annie Kirkwood

Annie Kirkwood is supposed to act as a "channel" for Mother Mary, who tells her about the future. According to her predictions, there will be no World War Three, "for God will not allow you to destroy this beautiful Earth with your nuclear arms. You will be too busy sustaining yourselves against the elements to wage war. . ."

This seems to be a double-edged prophecy. On the one hand, it is good to hear that there will not be another war. On the other, why will we so busy "sustaining ourselves *against* the elements"?

### The Bible Code

Israeli mathematicians analysed the Bible and found there were hidden mathematical codes that evidently foretold future events (including the death of Princess Diana, the assassination of Yitshak Rabin and Hitler).

However, the Bible Code says very little about what will happen – if anything – at the turn of the millennium.

### War and Peace?

A similar code is supposedly present in Tolstoy's *War and Peace*. The code, however, can only be found once the "Russian is translated into ancient Hebrew". (This is only supposed to highlight Tolstoy's genius).

The Hebrew is then mathematically analysed to discover hidden insights into the future.

### Books on the subject

- *Nostradamus* – James Laver
- *The Prophecies of Nostradamus* – Avenel Books
- *Vandag, gister en môre* – Eben Meiring
- *Siener van Rensburg en die Rebellie* – AWG Raath

# 99 dinge om te doen voor die nuwe millennium

*Anelde Greeff*

1. Beplan nou al jou Oujaarsaandpartytjie.
2. Sorg dat jou rekenaar J2K-aanpasbaar is.
3. Stem in die verkiesing.
4. Hou op rook.
5. Koop vir 'n vreemdeling 'n blom.
6. Val op die trappe in die Neelsie.
7. Lag hardop vir 'n dosent in sy klas as hy nie 'n grap maak nie.
8. Probeer die volle 40 minute omslaap in 'n klas.
9. Lag vir almal wat *gestres* is oor die einde van die millennium.
10. Gaan vir 'n *body wax*.
11. Luister na al jou Kylie Minogue en Jason Donovan *tapes* – en lag hardop.
12. *Vacuum pack* al jou Kylie Minogue en Jason Donovan *tapes*. In die nuwe millennium sal daar 'n herlewing van *corny eighties* musiek wees.
13. Leer om gras te sny.
14. Poseer naak vir die kunsstudente.
15. Gaan hou piekniek in Dagbreek se *quad*.
16. Steel haarnaalde uit Pick 'n Pay.
17. Maak 'n wawiel in Wilgenhof se *quad*.
18. Sê vir iemand as hy besig is om gat te kruip en dit werk nie.
19. Hou braaivleis in die Neelsie.
20. Stel 'n testament op, al is dit net om te verhoed dat jou kamermaat met jou klere wegkom.
21. Verken Kayamandi.
22. Kom twintig minute laat vir 'n klas.
23. Loop oor na 'n ander politieke party.
24. Loop weer oor.
25. Reël vir jouself 'n *blind date*, met ander woorde, storm op 'n vreemde ou af en vra hom vir die huisdans.
26. Bestel 'n glas water by McD's se *Drive Thru*.
27. Gaan na 'n *drag party* toe.
28. Lees *Die Matie* van hoek tot kant deur.
29. *Bunk* 'n predikaat.
30. Eet melktert by die rektor.
31. Doen 'n paar uur gemeenskapsdiens.
32. *Skinny dip* in die kleidam.
33. Werk in die Spur.
34. Luister vir meer as tien minute na MFM.
35. Gaan vir 'n Vigstoets.
36. Skryf 'n nuwe statuut.
37. Gebruik jou Van Schaik-kaart vir handboeke.
38. Rand 'n bib-tannie aan.
39. Wees vriendelik met 'n bib-tannie.
40. Skree "bekfluitjie" voor Helshoogte.
41. Stem in die SR-verkiesing.
42. Staan in die SR-verkiesing.
43. Bestel 'n *milkshake* in Garage.
44. Woon die eerste periode by.
45. Speel *solitaire* in die bib op 'n internetrekenaar.
46. Kyk 'n hele episode van *Baywatch*.
47. Doen 'n oudisie vir die US-Koor.
48. Vind uit wat die ABR is.
49. Oorleef 'n besoek aan Studentegesondheid.
50. Kry 'n graad.
51. Leer die volkslied.
52. Besoek die Tygerbergkampus.
53. Skryf 'n berig vir die Stellenbosse Student.
54. Koop 'n *Spice Girls* CD.
55. Probeer 'n CD opsny.
56. Loop tot by die Eikestad Mall sonder om vir geld gevra te word.
57. Gaan sonder 'n *date* Studentekerk toe.
58. Bespaar water.
59. Ry met jou kar op die Rooi Plein.
60. Gebruik die Groen Roete.
61. Voer 'n normale gesprek met 'n ingenieur.
62. Gaan kyk rugby op Nuweland.
63. Laat jou hare se natuurlike kleur uitgroei.
64. Lees 'n boek.
65. Betoog teen koshuiskos.
66. Kom uit op jou maand se geld.
67. Skryf op 'n badkamermuur.
68. Memoriseer jou US-nommer.
69. Luister na *local* musiek.
70. Word 'n MGD-vrywilliger.
71. Gaan vir 'n griepinspuiting.
72. Skryf 'n brief aan *Die Matie*.
73. Betaal jou verkeerskaartjies.
74. Kry nog 'n *temporary tattoo*.
75. Ontdek 'n ster.
76. Laat jou oë toets.
77. Was jou eie skottelgoed (met opwasseep en warm water).
78. Bewerkstellig wêreldvrede.
79. Verf jou koshuismure pers.
80. Bel jou ma sonder om haar vir geld te vra.
81. Word gekaap.
82. Erken jy was verkeerd.
83. Gaan sing in 'n Karaoke-*bar*.
84. Gaan luister na die US-Koor.
85. Woon 'n SR-vergadering by.
86. Snoei die plante in die bib.
87. Kry 'n tugsaak teen jou.
88. Dagvaar jou koshuis.
89. Vertel 'n grap wat 'n mediese student skok.
90. Moenie terugslaan nie.
91. Gaan klas toe in jou pajamas.
92. Verlei 'n prim.
93. Neem 'n hond aan van die DBV.
94. Kry jou paspoort gereed.
95. Maak 'n *commitment*.
96. Ontvries jou yskas.
97. Betaal jou TV-lisensie.
98. Kry 'n parkeerplek op kampus en verkoop jou storie aan die koerante.
99. Vlieg oor Afrika op 1 Januarie 2000.

# KAMPUS MENINGS

deur **Liezl Dick** / Fotos: **Nic Norman-Smith**

**Wat wil jy nog doen voor die einde van die millennium?**

**Marlize Kotze:** Ek wil *bungy-jump*.
**Mr Cooper:** Ek wil net deurkom.
**Gerrie Gerjo:** Ek wil *score* met Pamela Anderson.
**Deon Muller:** Ek kan nie eens sê ek wil graad vang nie, want ek gaan *anyway* nie.
**Graham:** Ek wil net my bleddie graad vang.
**Olga:** Ek wil myself 100% ken. Wanneer daai klok slaan wil ek weet wie ek is.
**Louise:** I want to win a trip around the world, and I want to be with all the guys I always wanted to be with.
**Jurg Slabbert:** *Bungy-jump* vanaf die JS Gericke se brug.
**Michelle:** Ek wil vlieg.
**Hester:** Voor die einde van die millennium wil ek net vir een dag al my klasse bywoon.



# J2K: Waar is jy veilig?

*Die jaar 2000 breek aan. Gaan jy vassit in 'n hyser? Gaan jou vliegtuig val? En veral, gaan Windows boot?* ***Martina Smit*** *vind uit.*

AS JY jouself in 'n Boeing 30 000m bo die aarde bevind wanneer die nuwe millennium op ons neerdaal, is die kanse goed dat jy nog nooit van die J2K-gogga gehoor het nie.

Óf jy kan natuurlik al die praatjies oor mense wat vassit in hysers, drastiese voedseltekorte en 'n ineenstorting van die wêreldekonomie as gevolg van 'n eenvoudige ou rekenaarprobleempie afmaak as sensasionele snert.

En daarom wil jy teen wil en dank al die doemprofete verkeerd bewys: jou vliegtuig se navigasiesisteem sal nié ingee nié. Jy sal nié jou eerste (en laaste) vliegramp beleef nié.

Jy weier om geassosieer te word met ekstremiste wat hulle bankrekeninge leegmaak, *Shoprite* se *bullybeef*-voorraad opkoop en vir 'n jaar lank gaan kamp in Siberië.



Foto: Joyl Februarie 1999

**Rekenaars. kern van die probleem.**

## J2K? Wat's dit?

J2K? vra jy. (Dis nou as jy ook een van die *clueless* siele is wat in 'n lugborrel leef.) Net so dodelik as sy HIV-maatjie, net vinniger op die *job*. Of so sê hulle wat weet. J2K staan vir Jaar(J) Twee(2) Duisend(K soos in kilo). Die meeste rekenaars is geprogrammeer om datums met slegs die laaste twee syfers van die jaartal aan te dui. As gevolg hiervan sal die meeste stelsels "2000" lees as "1900". Veral sisteme waar datums in berekeninge gebruik word, sal nie korrek kan funksioneer nie.

Daar word gevrees dat banke nie sal weet oor hoeveel geld hulle beskik of wat die bedrag in jou rekening is nie. Voorraadlyste sal verlore gaan en fabrieke sal ophou produseer. Regerings sal baie van hulle data verloor, wat dienste soos sekuriteit, belasting, en selfs plaaslike water en elektrisiteit sal affekteer.

## US tref voorsorg

Wat dan van die universiteit? Gaan ons vir 'n jaar lank vakansie hou? *Sorry to burst your bubble*, maar dit lyk nie so nie. Die rektoraat het 'n Jaar 2000 Strategiese Beplanning-Stuurkomitee aangestel om die US se personeel, studente, kliënte en verskaffers bewus te maak van moontlike probleme wat die J2K-gogga kan meebring; projekspanne aan te wys om die nodige voorsorg te tref; en strategiese riglyne te bepaal en hulpbronne te voorsien.

Die verskillende projekfases is bewusmaking, sensusopnames van die aantal substelsels wat moontlik deur die J2K geraak kan word, 'n ontleding om die omvang daarvan te bepaal, regstellings, toetsing en dan monitering van die regstellingsaksies. Teen einde Maart vanjaar was die eerste drie fases feitlik voltooi.

Toetsing is geskeduleer vir 31 Julie, en monitering vir 31 Maart 2000.

## Regstellings?

Administrasie toets hulle stelsels met *Insight 2000* vir J2K aanpasbaarheid. 'n Noodrekenaar sal ook aangekoop word. (Daar gaan enige hoop om universiteisrekeninge vry te spring...)

Waar dit geblyk het dat die universiteit geen J2K risiko's loop nie, byvoorbeeld by akademiese inligtinstelsels, word daar 'n voorkomende strategie gevolg: *back-up copies* word gemaak en inligting word oorgedra na die *MS Office* databasis. So nee, jy gaan nie skielik kan *cum* as jy nie predikaat het nie. Jou punte is veilig.

Die toegangadministrasiestelsels (TAS) – dit is oral waar jy jou kaart gebruik, soos fotostate, om in te gaan by deure, en etes – word opgegradeer. (Nou weet jy hoekom jy jou US-nommer moes leer.)

Die biblioteek se katalogus en CD Rom inligtingstelsels, wat nou deur die Erudite-program bestuur word, word vervang met die nuwe Aleph-program. (Hopelik sal ons dan makliker boeke oor dinge soos die ystydperk kan kry.)

Die telefoonstelsel-programmatuur word op al drie kampusse opgegradeer, en die verouderde telefoonstelsels word vervang om J2K versoenbaar te wees. Die alarmstelsels en die sentrale energiebestuurstelsel van die universiteit moet ook opgegradeer word. Hysers, die brandalarmstelsel en elektroniese horlosies word nie geraak nie. (So, ja, jy sal in die BJ se hyser kan ry sonder om vas te sit.)

## Rekenaars uitgefaseer

Verder is alle gebruiksrekenaars op kampus vir J2K versoenbaarheid getoets. Alle apparatuur is wel versoenbaar, maar nie die programme wat daarop bedryf word nie. *MS Word 5.0* en *MS DOS* word oral vervang met *MS Office*. 486-rekenaars met 16 MB geheue is die minimum vlak apparatuur wat *Windows 3.11* kan bedryf.

Dit veroorsaak dat ongeveer 1000 XT-, 286-386- en sommige 486-rekenaars in 1999 uitgefaseer moet word. (Jippie! RGO se fossiele is eindelik iets van die verlede!)

Die universiteit se personeel sal ook opgelei word in die gebruik van die nuwe tegnologie. (Hmmm... Inligtinggeletterdheid en Rekenaarvaardigheid vir die proffies en die admintannies?)

## Tygerberg agter skedule

Die Mediese Inligtingstelsel op Tygerberg Kampus is egter agter skedule. Volgens die universiteit se amptelike J2K-verslag word "dringende aandag" hieraan gegee. (Ook maar goed so...Net nou gee die hospitaal se navigasiesisteem ook in. En dan het ons éérs 'n ramp op hande.)

## Toets jou rekenaar vir J2K

**Windows 3.11**
**(1)** *Program Manager > Main > Contol Panel > International.* **(2)** Kyk onder *Date Format*. Merk *Century* na 'n vier-syfer jaar: *yyyy/MM/dd*.
**Windows 95 en Windows NT**
**(1)** *Start Menu > Settings > Control Panel > Regional Settings* óf klik *My Computer > Control Panel > Regional Settings*.
**(2)** Kyk onder *Date*. Stel *Short date style* na 'n vier-syfer jaar: *yyyy/MM/dd*.
**(3)** Kies *Apply* en dan *OK*.
**Hoe om die data op jou rekenaar te beskerm**
**(1)** Stoor al die data in *My Documents*. Sodoende is alle data in een gids en kan jy dit maklik oordra of rugsteun. **(2)** Maak *back-up copies* van alle belangrike data.

# Van Hastings tot Viagra

***Jaco van der Merwe*** *en* ***Danie Smit*** *gee 'n kriptiese oorsig oor die afgelope 1000 jaar.*

1066: Willem van Normandië verslaan Koning Harold by die "Battle of Hastings".
1224/25 – 1274: Geboorte- en sterfdatum van Thomas Aquinas: Kerkvader, teoloog en filosoof.
1254: Marco Polo min of meer in dié tyd gebore. Hy ontmoet vir die eerste keer sy pa in 1269, nadat laasgenoemde terugkeer uit die Ooste.
1450: Drukpers ontstaan, danksy Gutenberg wat die idees van ink en drukmetodes saamvoeg.
1492: Christopher Columbus ontdek Amerika.
1517: Tradisionele datum vir die begin van die Kerkhervorming.
1564: Galileo Galilei gebore. In 1581 gaan hy universiteit toe, maar voltooi nooit sy kursus nie as gevolg van finansiële omstandighede.
1616: Shakespeare sterf.
1639: Descartes ('n uitgesproke vegetariër), loop en spog by almal dat hy al vir die afgelope 19 jaar nog nie een keer siek was nie en dat hy verwag dat hy 'n 100 sal word. Hy sterf 20 jaar later in 1650, na 'n verkoue wat hy in die wintermaande opgedoen het.
1769: Eerste toer wat Mozart aanpak na Italië sonder sy ma en suster. Die toer is baie suksesvol en duur 15 maande.
1791: Mozart sterf.
1789: Franse Revolusie.
1815: Napoleon verloor by Waterloo.
1825: Term "limelight" vir die eerste keer gebruik na die ontdekking van 'n nuwe soort lamp wat 'n baie helderder lig as 'n gaslamp gee.
1843: Konsep van 'n faks word omskryf deur Alexander Bain, 'n Skotse horlosiemaker.
1897: Koningin Victoria vier haar Diamant Jubileum met 'n diamant van 245 karaat wat van Suid Afrika afkomstig is.
1888: Van Gogh sny sy linkeroor af.
1895: Eerste kommersiële demonstrasie van "cinematographe" in Parys (gehore het onder hul stoele ingeduik, toe hulle 'n trein sien wat afgeneem is terwyl dit na die kamera beweeg).
1899-1902: Anglo-Boereoorlog.
1914-1918: Eerste Wêreldoorlog.
1918: *Victoria College* word ingevolge 'n Universiteitswet die Universiteit van Stellenbosch.
1920: Fakse word vir die eerste keer aktief tussen verskillende koerante gebruik.
1921: Einstein wen die Nobelprys vir Fisika.
1933-1945: Hitler aan bewind in Duitsland.
1939-1945: Tweede Wêreldoorlog.
1941: *Die Matie* gestig.
1945: Op onderskeidelik 6 en 9 Augustus word die eerste atoombom deur die Amerikaanse weermag op Hiroshima en Nagasaki gegooi.
1963: John F. Kennedy doodgeskiet.
1966: HF Verwoerd in parlement doodgesteek.
1969: Neil Armstrong loop op die maan.
1989: Berlynse muur val.
1994: Die eerste demokratiese verkiesing lui 'n nuwe bedeling in Suid-Afrika in.
1995: Suid-Afrika wen die Rugby Wêreldbeker.
1997: Diana sterf tragies in Parys.
1998: Bill Clinton en Monica Lewinsky bring 'n opswaai in die sigaarbedryf mee.
1999: Die US lanseer Afrika se eerste satteliet, SUNSAT; Viagra bekendgestel.



# NNP: "Grondwet sal doodstraf nie kelder"

Mandy Rossouw

DIE NASIONALE leier van die Nuwe Nasionale Party, Marthinus van Schalkwyk het op Woensdag 3 Mei die Stellenbosse kampus toegespreek.

Hy het in sy toespraak verskillende aspekte omtrent Suid-Afrika en die verkiesing aangespreek en het veral moeite gedoen om die NNP se standpunte met die ANC se optrede te vergelyk. Veral die regerende party se mislukte pogings om misdaad te bestry, het onder skoot gekom.

Die ANC se Wet op Gelyke Indiensneming, wat regstellende aksie bevorder, is sterk gekritiseer en afgewys.

### Regstellende aksie

Volgens Van Schalkwyk moet die ongelykhede van die apartheidsjare reggestel word met "ordentlike opleiding", eerder as om werknemers te dwing om kwotas te aanvaar wat dan deur die "regstellende aksie polisie" gereguleer sal word.

Hy het ook uitgewys dat die NNP nie die "jeugdiens" (waarvolgens alle studente na afloop van hul studies vir 'n sekere tydperk vir die regering moet werk) steun nie en eerder vrywillige jeugdiens sal wil implimenteer soos in "ander lande al gedoen is".

Foto: De Jong Borchardt




Bo: Van Schalkwyk, optimisties oor die NNP op kampus

Hy het egter nie voorbeelde van sodanige lande genoem nie.

### "DP 'n wit, regse party"

Verder het Van Schalkwyk ook die Demokratiese Party as "die nuwe wit regse party" bestempel na aanleiding van dié party se verkiesingslagspreuke ("Wees gatvol" en "Slaan terug") wat volgens hom herinner aan Eugene Terre'blanche se radikale slagspreuke by die vorige verkiesing in 1994.

'n Koalisie met die DP vir die Wes-Kaapse provinsiale regering word ook nie in die vooruitsig gestel nie, omdat die DP reeds kabinetsposte aan ander partye belowe het, voordat hulle die NNP genader het vir koalisiemoontlikhede.

## Van Schalkwyk steun eie universiteite

**ONDERHOUD**

**Hoe beplan u om toe te sien dat die doodstraf heringestel word in Suid-Afrika?**

Ons party sê dat 'n referendum nie die beste manier is om oor so iets te besluit nie. Die beste manier om te besluit is die parlement met 'n vrye stemming. Indien die ANC hul parlementslede vrye stemming gee, sal hulle met ons saamstem, want 30% van ANC lede stem met ons saam [om die doodstraf weer in te stel], maar hulle moet volgens hul partybeleid stem.

Die doodstraf is een van die hoofelemente van ons verkiesingsveldtog, misdaad is die hoofpunt waarop ons fokus, dan fokus ons op werkskepping en daarna onderwys.

**Hoe beplan u om dit te versoen met die huidige menseregtehandves in die grondwet?**

Die grondwetlike hof verbied die doodstraf in die tussentydse grondwet, maar het nog nie finale uitsluitsel daaroor gelewer nie. Dus is dit oop vir interpretasie en ons [die NNP] interpreteer dit dat die reg op lewe moordenaars uitsluit.

**Daar is baie NP lede wat oorloop na die DP. Hoe verklaar u hierdie verskynsel?**

99% van hulle is lede wat te laag op die verkiesingslyste was en onderhandel het met ander partye vir hoër plekke op die ander partye se lyste. Dit het niks met ideologiese verskille te doen nie; hulle het probeer onderhandel vir hoër plekke en dit het hul sakke beter gepas om by ander partye aan te sluit.

Ons het in beginsel besluit om niemand wat nou na ons toe kom 'n hoë plek op ons lyste te gee nie. Hulle moet maar deur die normale verkiesingsprosedure gaan. Ons het baie mense gekry wat na ons toe gekom het, soos die DP se tweede-in-bevel, mnr Mnisi, want hy wil nie meer in 'n wit rasseparty wees nie.

**Indien 'n ander taalgroep hul eie universiteit eis, sal u toegee?**

Ja – wat vir een taalgroep geld, moet vir alle taalgroepe geld en dit hang af van die taalgroep self of hulle hierdie reg wil opeis of nie. Afrikaanssprekendes eis net hul reg en daaraan moet voldoen word. Maar ek lê klem op die feit dat sulke instellings akkommoderend moet wees vir ander taalgroepe.

**Wat kan die NP vir die studente op kampus bied wat geen ander party kan nie?**

Werkskepping, laer belasting, beheer oor korrupsie – ons wil ruimte skep vir mense om 'n beter lewe te lei.

# US loods Vigsveldtog

Lana Bakkes

MIV EN VIGS is besig om 'n al groter probleem dwarsoor die wêreld te word. Elke dag word ongeveer 14000 persone tussen die ouderdom van 15 en 49 besmet met MIV. Meer as 50% van hierdie groep is jongmense tussen die ouderdom van 15 en 24.

Dis dus duidelik dat die US se voorkomende ingrype ten opsigte van MIV-infeksie en Vigs onder die studentegemeenskap nie 'n oomblik te vroeg kom nie.

### US Vigsbeleid

Die universiteit se Vigsbeleid is in 1992 saamgestel en het betrekking op beide personeel en studente verbonde aan die universiteit. Die eerste stap is nou om hierdie beleid te herformuleer.

Op Dinsdag 13 April 1999 is die Stellenbosch Vigsaksie gestig. Die doel van die aksie is om die MIV-probleem in die Wynland-distrik aan te spreek. Verskeie organisasies, waaronder Matie Gemeenskapsdiens, maak deel uit van die projek. Die noue samewerking tussen MGD en die Stellenbosch Vigsaksie strek tot voordeel van die studentegemeenskap, deurdat toekomstige Vigs voorkomingstrategieë saam beplan en geïmplementeer kan word.

SOSIUS het in die week van 26-30 April 'n "Aids Awareness week" aangebied. Inligtingspamflette en kondome was vryelik in die Neelsie beskikbaar en verskeie besprekings is gehou. Verdere aksies is nog in die beplanningstadium.

# VF vir selfbeskikking

Martina Smit

GENERAAL Constand Viljoen van die Vryheidsfront (VF) het op 23 Maart 'n gehoor waarvan slegs die helfte studente was, op kampus toegespreek. In sy toespraak het hy dit duidelik gestel dat die doel van die VF Afrikaner-selfbeskikking is. Die VF wil eerstens 'n volkstaat in die Noord-Kaap stig, en tweedens in gebiede waar Afrikaners in die minderheid is, selfbeskikking deur middel van Afrikaner-streeksrade bereik.



Bo: Viljoen vra vir Volkstaat

### Hoekom selfbeskikking?

Viljoen sê dat 33% van Afrikaners volgens 'n onlangse opname totaal vervreemd van die huidge bedeling voel. Daar is 'n swaai weg van nasionalisme na 'n etniese identiteit. Volgens Viljoen is dit 'n wêreldwye tendens, wat daartoe lei dat "die idee van 'n reënboognasie nêrens werk nie". Daarom is selfbeskikking "nie 'n konfrontasiemiddel nie, maar 'n natuurlike ontwikkeling om intergroep stabiliteit te bewerkstellig." Die regering moet Suid-Afrika se diversiteit eerder aanvaar en bestuur as om dit weg te wens, en moet mag desentraliseer na groepe.

VRYHEIDSFRONT
Ons het 'n plan!

Hy glo verder dat die Afrikaner selfbeskikking verdien. In reaksie op mnr Thabo Mbeki se standpunt teen selfbeskikking, sê hy dat daar "nie 'n enkele groep [is] wat soveel bygedra het tot stabiele oorgang in Suid-Afrika as die Afrikaner nie". Hy het sy mag prysgegee, sy leiers het voor die WVK verskyn, hy betaal sy belasting. Viljoen vra, "Wat meer wil die ANC hê?"

Wat betref die VF se standpunt rondom onderwys, het Viljoen gesê sy party bepleit nie ras-eksklusiewe skole en universiteite nie, maar wel kultuurgerigte instellings.

Hy staan die behoud van Afrikaans as onderrigmedium by die US voor. Hy vra die ANC dat Stellenbosch een van twee universiteite moet wees wat die "egte Afrikanerkarakter en -etos" behou.

### Regstellende aksie

Oor regstellende aksie het Viljoen gesê dat dit nêrens permanent suksesvol was nie. Dit is "die doodskoot vir doeltreffendheid," en die "rassistiese aard daarvan maak dit totaal onaanvaarbaar in die Nuwe Suid-Afrika. Die feit dat dit op jongmense toegepas word, maak dit nog meer onaanvaarbaar."

Viljoen het beklemtoon dat die VF "in geen opsig rassisties is nie." Volgens hom is die Afrikanervolk 'n vrywillige groepering. Ras of taal is nie bepalend nie. "Daar is nie so 'n ding soos 'n naamlys of definisie of wet wat bepaal wie Afrikaners is nie."

# Dullah Omar launches ANC Youth League on campus

Ubanesia Adams

DULLAH Omar, Minister of Justice, launched the ANC Youth League in Stellenbosch on Friday the 30th of April in the Vroueverenigingsaal in the Neelsie. Amongst others attending the launch were Melanie Verwoerd, Malusi Magaba and Willie Ortell.

In comparison with the other recent political party meetings, this was a different experience. The launch began with an enthusiastic ANC supporter calling out the party slogan *amandla awethu*, which was duly responded to by avid supporters. Following this roaring introduction was the national anthem. Omar began his speech with an almost tearful voice as he recalled past events that forbade political meetings such as these in Stellenbosch.

Omar congratulated the youth league and the newly elected leaders on its launch. According to him, the role of the youth has changed from being revolutionary to being dependent on the needs of society. He named the following aspects in which the youth league should play a role.

### Role of the Youth League

• *Transformation:* According to Omar, transformation means changing the way institutions work. Omar used his department as an example of a place in which transformation is taking place. According to him, the positions of whites are legitimised in this institution and racial character is playing a background role.

• *Part of Africa, not Europe:* Here Omar was referring to the fact that we are Africans and should become part of Africa. According to him, there are numerous wonderful things happening in Africa that need our attention. He cites, as an example, conventions such as the Convention on Economic and Social Rights. According to Omar, there will soon be legislation to facilitate the implimentation of the convention's rules in South Africa.

Photo: Nic Norman-Smith



Above: Omar with other ANC members at the launch

• *A culture for South Africa:* According to Omar, people are our greatest asset. However, in the still racialised South African society, he says, "We have become dehumanised," and the result is that a culture of violence and corruption exists. Therefore, he says, a need exists to develop a culture based on empowerment and not handouts to prevent creating a culture of dependence. According to Omar, nation building is therefore essential and this is what the election in June is all about. His describes a nation as a family in which conflict exists between members, yet all still remain part of the family.

• *Youth League vision:* They must develop vision, values and an outlook on reconstruction. According to Omar, they must be the problem solvers, the nation builders and the peacemakers.

# Private students actively represented

*Natalie McHarg is the vice-chairperson of the Prim committee, and represents the interests of thousands of private students in and around Stellenbosch.* ***Jaco van der Merwe*** *got to know her a little better.*

**Why do you think you have been elected?**

I had a year's experience on the prim committee. I worked quite closely with Vincent Durand the year before, so I was pretty clued up on what was going on. I really didn't have to start from the beginning. But why did they vote for me? I don't know…probably because I have past experience. I can say I've done this and this…that and that and whatever.

**What is your favourite quote ?**

The strenght of the wolf is the pack, the strenght of the pack is the wolf.

**Would you say there is greater apathy among students living privately, than students living in residence?**

I don't know. I try to stay away from the whole apathy word. Because sometimes it is used like a key phrase that people throw around. I don't think it's apathy as much – more the fact that communication channels of the university are a bit blocked. If you're living in a *koshuis*, all the stuff is right there and everybody is in the same building. If you need information, you can go to them. If there's a big issue you find out about it immediately.

If you look at the privates, you actually have to do more *moeite* to go and find out what's happening and whatever. And if you're not in the habit of looking at notice boards and stuff like that, which a lot of people aren't, you miss it. I wouldn't say we are deliberately apathetic, it's just...bad habit...if I can put it that way.

**What are you, as SRC member for PSO, doing to ensure that the students living privately can become more part of "university life"?**

Well, the biggest thing we're doing is pushing the clubhouse issue, because that will give the private students a central point. After a rugby game, the people in a *koshuis* go back to their club and have a drink and get together in there. The private students don't have something like that. After a game, they go back to their houses and take a shower or whatever; they lose that team togetherness feeling on the way home. You can have 21st functions there, and other funstions too. So that gives us a place to call our own.

We also extended our HK to fifteen, so we can increase the effectivity purely by decreasing the workload. There's also been a lot of emphasis on the websites; and everybody is becoming more aware and it's just such a closer way to get it directly to them – all the information (all the times of the dates, the venues). The PSO this year is really working well. The guys have merged the rugby – Pieke, Oude Molen and Libertas are playing together, so that in itself strengthens the PSO teams.

**What really irritates you about other people?**

I hate two-faced people *skinnering*. I cannot stand it, for me that is the worse thing.



Photos: Nic Norman-Smith

**Where will you be on New Year's Eve 1999?**

In Mozambique we're doing an overland trip; we'll be on Paradise Island. There should be 40 of us, so it will be quite *lekker*.

**What is your opinion on plans to draw up a policy with regard to HIV-positive students?**

I think it's a fantastic idea, I'm quite surprised that it's taken so long to come up, because HIV is a reality and it's important that the university does have a standpoint on it. I know Tygerberg has been quite big with it, with their needle pricks and they've had quite a long fight to try and get insurance for the medical students. That, to me, is fantastic. As for students with HIV, it is such a big issue that it's imperative that the university has a standpoint on it.

**Where do you like to hang out in Stellenbosch and what is your favourite drink?**

Favourite drink for sure, is a Pangalactic Gargle Blaster from Fandango's. My favourite place…definitely Finlay's.

**What are you doing in connection with the transportation of private students living in areas such as Cloetesville and Idasvalley?**

The big problem is the money. The problem is we don't have unlimited resources and funds. As for a shuttle service – one of the things we're trying to explore – we've spoken to the guys who run the taxi's in Stellenbosch and the problem is that not many people want to drive around in those areas late at night.

> *"We are pushing for a clubhouse which will give private students a central point."*

So it's a catch-22 situation. We spoke to the head of taxi's and he said that there is quite a lot of competition among them, but they would be interested in doing something like that. With us, Aristea holds its *huisvergaderings* at lunch time, so that people don't have to walk around at night time. So we are looking at safety, whether it be through taxi's or not, but it's happening.

**Tell me about the most embarrassing situation you have ever been in?**

It's definitely gonna be the Naspers-*skakeling* with the SRC. I broke my wrist at the beginning of the year and Rudi Buys and I sat at the main table. We were sitting there with the MD of Naspers, Koos Bekker and his wife and everybody's chatting away and then they served the main course. Rudi was talking to Koos Bekker's wife at the time, so I had to ask the girl next to me, a journalist at *Sarie*, to cut my meat for me. Definitely one of my most embarrassing moments.

# New judges for a new era

*Jan-Hendrik Burger and Edwin Ellis*

IN THE past two weeks, there has been extensive coverage by the media of the interviews with candidates for the position of Constitutional Court judge – and rightly so.

The constitution is the supreme law in the Republic and the Constitutional Court is the highest court in all constitutional matters. It is this judicial body which interprets, amongst other things, fundamental human rights in the Bill of Rights. Such rights may include the right to human dignity, the right to equality and the right to have access to health care.




So, when it is announced that a candidate for the post is HIV-positive, that another candidate is a member of the Afrikanerbond and that yet another receives heavy criticism for his views on the right to remain silent, one has to ask how such factors would impact on a candidate's chances of being appointed to this position.

The criteria for the appointment of judicial officers are set out in sec. 174(1) and sec. 174(2) of the constitution. An appropriately qualified woman or man who is a fit and proper person may be appointed as a judge and there is the proviso that any person appointed to the Constitutional Court must be a South African citizen. Sec. 174(2) states that the need for the judiciary to reflect the racial and gender composition of South Africa must be considered when judicial officers are appointed.

This latter requirement was highlighted by the Minister of Justice, Dullah Omar, when he stated at a meeting of the Judicial Service Commission that constructive moves should be made to make the bench more representative of race and gender, so that judges may be appointed on merit again within the next four to five years. Last week, during a speech in Stellenbosch, the need for transformation of the bench in general was again emphasised. Whether such criteria would lead to an increase in the credibility of the courts, only time will tell.

An interesting and inevitable question now follows. Should a man such as judge Edwin Cameron (whose credentials as having a fine legal mind is unquestioned), who is a white male, who is an active gay rights-lobbyist and is HIV-positive, be appointed as judge of the Constitutional Court, based on the above-mentioned criteria? Is he not representative of a large part of the South African society which is not as yet represented on the Constitutional Court?

To what extent would an issue involving the right to life and access to medical treatment be approached differently by him?

By the same token, would a Constitutional Court judge be able to promote all languages equally if he is or was a member of the Afrikanerbond? And to what extent should a candidate to the office be penalised for raising concerns over a constitution, which increasingly hampers the effective prosecution of accused persons by the state?

A Constitutional Court judge is appointed for a non-renewable term of 12 years, but he or she must retire at the age of 70. The choice of appointment made by the president after consultation with the Judicial Service Commission is therefore an important one and it may have long term effects on South Africa as a Constitutional State.

Whether the criteria currently used for such appointment is justified, is therefore a matter of meaningful debate. To what extent must a candidate for the bench be appropriately qualified, fit and proper on the one hand, and representative on the other, before he or she will be appointed as judge…?

SHOPHAR BENEFIT CONCERT
IN AID OF PROCHORUS
COMMUNITY DEVELOPMENTS
PRESENTS
SOUNDS OF AUTUMN
A VARIETY OF MUSIC & DANCE
DATE: 20 MAY 1999
TIME: 19:30
VENUE: ENDLER HALL
TICKETS: R30
TICKETS AVAILABLE: Kleine Marie Bloemiste, Nouveau Confectionary, Shophar Office(53 Victoriastr), Comfort Zone
ENQUIRIES: 887 1414

Lees meer oor wat ster-atleet Elana Meyer te sê het

bl. 19

# MatieSport

12 MAY 1999

Women's cricket on track at Stellenbosch University

p 19

## Maties-sewesspan neem Melrose op horings

*De Jongh Borchardt*

DIE MATIE sewesspan het vanjaar 'n baie geslaagde toer na Skotland onderneem, waar hulle aan die grootste klub-sewestoernooi in die wêreld deelgeneem het.

Die wêreldbeker vir sewes word die Melrosebeker genoem, vernoem na die plek waar die eerste sewestoernooi in 1883 plaasgevind het.

Maties het uiteindelik gespog met 'n vierde plek. Dit was nadat hulle in ekstra tyd in die halfeindrondte teen die uiteindelike wenners, Gala Shields van Skotland, verloor het. Die enigste ander Suid-Afrikaanse span in die toernooi, Villagers, het in die finaal teen die Skotte vasgeval.

Die span het bestaan uit die hele agterlyn van Matie I – Lyall Johnson (kaptein), Willem de Waal, Werner Gey van Pittius, Werner Coetzer, Wemar Raats, Coenie Louw, Chris Rossouw en Stefan van der Watt. Die laaste twee plekke in die span het behoort aan losvoorspelers Tertius Hickman en Adri Badenhorst (hou hom maar dop!).

Al drie wedstryde het plaasgevind op Saterdag, 1 Mei. Met oorwinnings van 37-0 oor Peebles en 49-5 oor Melrose, die kampioene van die afgelope twee jaar, was Maties goed op dreef. Hulle het egter 26-31 teen Gala Shields in die halfeindrondte verloor..

Die spelers is almal van mening dat dit een van die lekkerste toernooie was waaraan hulle nog ooit deelgeneem het. "Dit was 'n fantastiese week. Ons het die hele tyd op ander mense se rekenings gekuier, en die atmosfeer in Melrose was *great,*" was Coenie Louw se gevoel oor die toer.

In hul vrye tyd het die ouens 'n hele paar besienswaardighede in Skotland besoek, soos Edinburgh Kasteel. Hulle het ook baie inkopies gedoen.




**Die Matiespan wat aan die Melrose sewestoernooi in Skotland deelgeneem het is (agter): prof Piet Cronjé (bestuurder), Wynand Pienaar (afrigter), Stefan van der Watt, Coenie Louw, Willem de Waal, Adri Badenhorst, Werner Coetzer en Tertius Hickman. Voor is Chris Rossouw, Werner Gey van Pittius en Lyall Johnson.**

## Matie vroue van die sokkerveld



**Die Matie vrouesokkerspan, wat nog onoorwonne in hul liga is. Hulle is (agter vlnr): Dominique da Silva, Angelika Weyers, Derdrei Langenhoven, Iolante Jansen, Mathilda de Beer en Chandré van der Merwe. Voor: Elizabeth Orozco, Mellissa Lehy, Daniela Bahr, Suenita McKay en Yvonne Malan (kaptein).**

## Rowers exceed expectations

*Eunice Visagie*

DURING the holidays, the Maties Rowing Club sent a contingent of 35 rowers to the South African Student Rowing Championships held on the Vanderkloof dam near Colesburg.

After the Championships, a SA Universities A and B crew were selected. Seven of the Maties Rowers made this sides. R. Dormehl made the A-eight, while W. Bosch, M. Egan, J. de Bruijn, A. Hood, P. Laver and J. Manning made the B-eight. These rowers also succeeded beyond any expectations and fared well in most of the major events. The highlights were the men's A-eight coming second to Rhodes University in the first eights category. In doing so, they also beat the favourites – UCT – as well as Wits University and the University of Pietermaritzburg.

This is their best perfomance to date. Other achievements include the men's A-fours coming in third, men's B-fours a close second and in the small boats, a victory in the men's B and C sculls. All the other men's crews excelled in their respective categories, especially the novices, who came in second in the C-eights and C-fours.

The ladies' crew held their own against stiff competition from UCT, Rhodes University, the University of Pietermaritzburg, RAU and UPE. Here, the novice ladies caused an upset when they took first place in the ladies' B-eights and second in the D-fours.

## Medaljes vir Maties by SA Juniors

*Eunice Visagie*

TYDENS die SA Junior en o/23 Atletiek Kampioenskappe het die Bolandspan elf medaljes verower. Nege hiervan het aan Maties behoort.

Die Bolandspan se Matielede was Terr de Villiers, Martinus van der Vyfer en Pierre Marias van Paul Roos Gimnasium, Jannas du Preez, Theo Beyers, Clint Hendricks, Colin Dreyer en Paul Lingenfelder vir seuns o/19. Vir mans o/23 was dit Rayn Wells, Allistair Kingwell en Geon Cilliers. Die vroue o/23 was Liezel Viljoen en Esmari le Roux.

Theo Beyers het goud in die paalspring vir seuns o/19 verower. Martinus van der Vyfer was egter die ster van die dag deur drie goue medaljes te verower in die driesprong, die 100m en die 200m. Terr de Villiers het 'n silwermedalje verwerf in die 100m hekkies. Vir mans o/23 het Rayn Wells 'n silwermedalje in die driesprong verower.

Esmari le Roux en Liezel Viljoen het elkeen 'n silwermedalje in onderskeidelik die 100m en die paalspring verower.

Die kampioenskappe kan as 'n groot sukses beskou word en ons kan nou net na beter prestasies mik in die toekoms.

*Daneel Diamant*

VERVAARDIGERS

*Wil u graag kwaliteitdiamante direk van die slypery aankoop? Maak 'n afspraak met **Daneel Diamant Vervaardigers**, die enigste diamantslypers in Stellenbosch*




- *Hoë kwaliteit teen lae pryse*
- *Direk aan die publiek*
- *Gemmologiese laboratorium sertifikasie*
- *Setwerk binne 24 uur*

*Ou Kollege Gebou*
*Eerste vloer*
*Kerkstraat 35*
*Stellenbosch*

*Tel 887 1108/9*
*Faks 887 1130*
*E-pos: jdaneel@college.co.za*

## Maties se gholfkampioene vir 1999



**Camble Smith (wenner: B-afdeling), Wayne Collet (voorsitter), Jaco Gillmer (beste netto), Gerlo Roux (wenner: A-afdeling), Francois Wolfaardt (tweede plek), Scott Sullivan (klubkaptein).**

# Elana's light shines as bright as ever

*Heather D'Alton*

IF SHE is not one of South Africa's most successful athletes to compete in the international arena ever, then at least since the return to international competition a few years ago she has obtained a reputation that is indeed not far off it. And what's more, Elana Meyer has also been a devoted Matie athlete for the past fourteen years. That is why *Die Matie* decided (a few years late, perhaps) to catch up on her recent achievements, to take a trip down memory lane and to see what the future holds for her.

As a girl from Albertinia, who matriculated at Robertson High School, a young and small Elana van Zyl joined the Stellenbosch scene in 1985. Here she studied B.Com and obtained her Honours in this course in 1989. And although she had been running since she was about twelve, her major successes only came when she was in her first year when she obtained her national colours for the first time.

"I did quite well in my high school career," she says, adding, "But Zola [Budd-Pieterse] was always the star." She also admits that she never dreamt that athletics would ultimately become her career.

Who, then, would have thought that in 1992 Elana Meyer would go on to win the silver medal at the Olympic Games in Barcelona? But along with this memory comes remembrances of the intense pressure placed on her by the media.

This she cites as being a result of South Africa's return to international competition as well as the political issues which accompanied it. "Ninety percent of the questions [at the Olympic Games] were political questions," she says.

And although the period of isolation followed by this pressure could have affected her performances, she turned it to her advantage. "It didn't bother me, because I was hungry for international competition," she says.

When asked which achievements she believes are her best thus far in her career, Elana says that two stand out for her. Quite obviously, her silver medal in the 10 000m at the Olympics is one of them, specifically because of the preparation that went into it.

"It was an emotional highlight for me," she says of this race. The other outstanding achievement, according to her, was her victory in the World Half Marathon in Oslo in 1994.

Although the 32-year old loves running on the track, especially the 10 000m, the marathon has now become a new challenge for her. "It's different," she says, "because you can only run two a year." She also claims that this event is what she will most likely run at the Olympic Games next year in Sydney, although she adds, "There is an outside chance that I will run the 10 000m." Of her present form she also says, "I feel stronger than ever before." This must most certainly be the case for her to be running 160 to 180km per week when she trains for the marathon.

The recent London Marathon, in which she came fifth, is also proof of what she is capable of achieving in this event. Although she wasn't happy with the result, she once again looks at the positive aspects of the race.

"I was hoping for a faster time, but 2h 27 min is still a good time on a bad day," she says. She was plagued by bad cramps for most of the second part of the marathon.

When relaxing after such a tedious programme, Elana enjoys spending time with her husband, Michael, whom she met in Stellenbosch in 1985 when they went to the University Championships together. She also enjoys going to the movies and the beach. "I've also taken up painting," she proudly adds.

These times of relaxation are, however, few and far between as Elana has once again this past week left our shores for America until the end of July. Here she will be running up to seven 10km races in places such as San Francisco, New York and Chicago. She is very keen to do well and is enthusiastic about it.

When asked whether she is still as motivated as ever, she emphatically states, "Yes, it's different now. I'm a professional athlete. It's a bit more than sport." With that kind of commitment and love for the sport, where can Elana Meyer really go wrong?!

Foto: Touchline




**Maties' star international athlete, Elana Meyer, who came fifth in 1999's London Marathon**

# SAD weer groot sukses

*Louise Pertorius*

DIE TWAALFDE Safari Droëvrugte Halfmarathon het op Saterdag 1 Mei plaasgevind en daar was vanjaar 'n rekordgetal inskrywings – ongeveer 6000.

Die rekordgetal inskrywings kan waarskynlik toegeskryf word aan die feit dat die afsnytyd verleng is na 4 ure – met ander woorde die wedloop kon gestap word. Die wedloop het in die pragtige omgewing van Wellington plaasgevind en die koel weer was ideaal. Hierdie is dan ook tans die grootste halfmarathon in die land.

Daar was ook 'n 5km pretloop waaraan 3100 atlete deelgeneem het en 'n 10km staptog, waaraan 1400 atlete deelgeneem het.

Xolile Yawa was vanjaar se wenner van die wedloop en hy het vir 'n verrassing gesorg deur die gunsteling Makhosonke Fika oortuigend te klop. Die eerste vrou oor die wenstreep was die oud-Matie Theresa du Toit. Duisende toeskouers het ook op Wellington toegesak om die deelnemers te ondersteun en te deel in die feesatmosfeer wat by die eindpunt geheers het. Die organiseerders van die Halfmarathon kan geprys word vir die puik reëlings wat verseker het dat die dag baie aangenaam verloop het.

# Maties women show cricket isn't only for men

*Nicole Stockl*

THE MATIES women have shown that they too can play the male-dominated sport of cricket. What started as an embryo has developed into something that is taking the campus by storm. The Maties' Ladies Cricket Team was conceived just over a year ago in March 1998, with the help of Omar Henry, and has attracted a strong following of girls both inside and outside of the university campus. At present the coach is Bridget Laatz, who is assisted by the Boland Ladies' coach – Mr Noor Rhode.

Maties are in the league which includes Worcester and Paarl, of which Paarl is the strongest. Maties have played two games against Worcester, winning one and losing the other, while losing two games against Paarl. The team fared better against the Boland Invitation team – a match which they drew. Three matches have been played against arch-rivals UCT, which resulted in two losses and one win for the Maties. Unfortunately, the season has come to a close, which, however, means that the Maties have time to prepare for their revenge on UCT when the season starts its engines again in the third term.

Concerning the campus matches, the inter-res eight-a-side tournament held its preliminary round matches earlier this year, with the majority of the women's residences playing. The teams play one innings each and use a lighter ball, giving everyone an equal chance to do well despite their level of experience. The top eight teams: Heemstede, Irene, Harmonie, Nemesia, Huis ten Bosch, Nerina, Monica and Erica will be playing in the showdown during the third term in which Irene, last year's winner, will be hoping to defend their title. This year, the winning residences and best players will be awarded their prizes at an awards ceremony at Gino's, which is the main contributor to the women's tournament.

Despite the fact that the sport is still in its early stages, the team is proud to boast five of its members being in the Boland Ladies Cicket squad. They are Gillian Blackshaw, Nathanael Christiaans, Robin Inskip, Bridget Laatz and Odie Odendaal, with Laatz – who also represents the Maties on the Boland Ladies Cricket Board – as captain of the team. Odendaal, Blackshaw, Christiaans and Laatz have recently returned from an inter-provincial Cricket tournament in Pretoria, where they successfully represented Boland. This year saw an improvement in performance from the previous year. In the finals, Northerns met North West province, with Northerns eventually winning.

The Maties team selected a temporary committee this year to oversee the new sport and promote its growth. The committee consists of Laatz (chairperson), Magda Kotze (treasurer), Pen Jarvis (secretary), Cindy Wiggett (school representative) and Robin Inskip and Ilse Langhoud as additional members. This committee has been involved in the organisation of the res eight-a-side tournament, matches and sponsorship undertakings.

The team wants to invite as many women as possible to get involved in this new and exciting sport on campus whether it is as a player or to help out. The people to contact are Bridget Laatz (Irene), Robin Inskip and Magda Kotze (Nerina) or Ilse Langhoud (Heemstede).

# Opwinding in koshuisrugby

KOSHUISRUGBY het weereens hierdie jaar die seisoen op 'n opwindende noot afgeskop. In die vierde week van eerste liga-seisoen, wat reeds op die 16de April begin het, begin die puntelys ook al 'n patroon te vertoon.

Met die wedstryde van Vrydag 7 Mei afgehandel, het Dagbreek dan ook hulle eerste posisie op die puntelys behou met 'n oorwinning oor Elsenburg. Die telling hier was 20-14.

In die ander hoogtepunt van Vrydag se wedstryde het Libertas naelskraap vir Eendrag 17-14 gewen. Die verdedigende kampioene kon eers in die laaste minuut die wedstryd beklink na harde dryfspel en volgehoue druk deur die voorspelers. Libertas kan egter gelukkig wees met die oorwinning, wat 'n strafdrie ingesluit het.

Simonsberg en Helderberg het 12-12 gelykop gespeel toe laasgenoemde ook in die laaste minuut 'n afstormdrie van die halflyn gedruk het. Die onsuksesvolle vervyfskop het die telling op gelykop te staan gebring.

Hombre en Helshoogte, wat albei laaste op die puntelys was, het hul posisies verbeter deur albei oorwinnings te behaal. Hombre het die wedstrydgunstelinge Majuba 6-3 geklop in 'n naelskraapstryd, terwyl Helshoogte Huis Visser met 7-0 geklop het.

Huis Marais het 'n suksesvolle besoek aan Tygerberg gebring en die sterk span van Medies met 12-10 geklop.

Dit maak hulle een van die vroeë gunstelinge vir die toernooi. Die hoogtepunt van Vrydag se wedstryde is Dagbreek teen Wilgenhof.

Foto: Nic Norman-Smith





# Saam kan ons verandering bespoedig.




Ons het saam ons vryheid en menswaardigheid verwerf. Maar ondervinding het ons geleer dat verandering nie vanself gebeur nie. Ons het 'n einde gebring aan 'n regering wat die minderheid gedien het, en een geskep wat vir alle inwoners werk.

Die stryd vir verandering moet egter voortgaan, sodat ons in die basiese behoeftes van alle Suid-Afrikaners kan voldoen.

Ons het reeds elektrisiteit, water en ander dienste aan miljoene mense besorg.

Vandag het 750 000 bykomende gesinne 'n dak oor hul koppe op grond wat aan hulle behoort.

Maar daar is nog baie werk wat voorlê.

Ons moet die stryd vir 'n beter lewe vir almal met nuwe krag aanpak.

En sorg dat verandering vinniger plaasvind.

**SAAM IN DIE STRYD VIR VERANDERING.**
**'n Beter lewe vir almal.**

# Stem ANC.

ANC

*Comments or queries should be directed to: (011) 330-7409*
*Issued by the African National Congress. PO Box 61884, Marshall Town 2107.*